# J O H A N N E S
# C A L V Y N

*die Hervormer van Genève*

**deur**

## P. de Zeeuw

*Uit Nederlands vertaal*
*deur ds. A.J.H. Buitendag (Emeritus)*
*Januarie 2015*

Oorspronklik uitgegee
deur die
Willem de Zwijgerstichting
te
'S Gravenhage

1965

P de Zeeuw

© 2015
www.christelikemedia.org

# Inhoudsopgawe

Ter inleiding .......... 3
1. ’n Ernstige jongman .......... 4
2. Student in Parys .......... 5
3. Die groot verandering .......... 6
4. Vlugteling .......... 7
5. Die verblyf te Ferrara .......... 9
6. Een nag te Genève .......... 10
7. ’n Oop deur en ... baie teenstanders .......... 12
8. In ballingskap .......... 14
9. Cor mactatum in sacrificium offero (Ek bied U ’n gebroke hart as offer aan) .......... 15
10. Teenkanting en stryd .......... 17
11. ’n Aangrypende nagmaal .......... 20
12. Calvyn en Servet .......... 24
13. Calvyn tref geen blaam nie .......... 28
14. Die universiteit van Calvyn .......... 29
15. Calvyn se einde .......... 30
16. Die Institusie van Calvyn .......... 33
17. Twee preke van Calvyn .......... 34
18. Calvyn se testament .......... 38
19. Die laaste brief van Calvyn .......... 40
20. Die mens Calvyn .......... 40

## Ter inleiding

Op 27 Mei 1964 was dit vierhonderd jaar gelede dat die Hervormer, Johannes Calvyn, te Genève oorlede is. Omdat die Reformasie in die Nederlande 'n Calvinistiese stempel dra, sal dié feit stellig hier herdenk word.

Calvyn behoort tot die tweede geslag van Hervormers. Toe Luther sy bekende 95 stellings geformuleer het, was Calvyn 'n jong seun van 8 jaar. Moontlik het hy juis daarom die saak van die Hervorming suiwerder gesien as Luther en kon hy meer radikaal met Rome breek. Maar terwyl daar elke jaar op 31 Oktober in allerlei tydskrifte artikels verskyn oor Luther en sy werk, moet Calvyn tevrede wees met 'n herdenking so ongeveer elke halwe eeu. In 1909, toe dit vierhonderd jaar gelede was dat hy gebore is, het daar bv. 'n stroom van lektuur verskyn. En voordat ons by 2009 kom, kom ons verby die jaar 1964, wat weer met blydskap aanleiding gee om oor Calvyn te skryf. Dit is nodig dat ons hierdie Hervormer ken, en veral die jonger geslag moet steeds weer op die hoogte gebring word van sy doen en late. Daar is genoeg opvallende gebeurtenisse in sy lewe. In hierdie opsig bly hy nie agterweë by Luther nie. Ons noem slegs sy vlug uit Frankryk, neergelaat in 'n mandjie met bedlakens vasgemaak en vermom as 'n wynboer. Sy verblyf te Ferrara. Sy swerftog deur Italië. As gevangene onderweg na Boulogne, waar hy sou moes sterwe, maar hy word deur 'n aantal vermomde ruiters gered. En so is daar nog vele meer.

Die lewe van Calvyn is boeiend. In hierdie boekie wil ons dit in kort weergee, terwyl ons op enkele hoofsake, soos sy "Institusie" en die proses van Servet, breër sal ingaan.

Mag hierdie klein geskriffie meewerk om die gedagtenis van die groot Hervormer wat Calvyn was, lewend te hou onder die reformatoriese Christene van 1964 (en daarna).

Nijkerk P. de Zeeuw

7 Januarie 1964

## 1. ’n Ernstige jongman

Luther het eenkeer van homself gesê: “Ek is ’n boerseun. My vader, grootvader en oorgrootvader was almal boere*”.* Maarten het in armoede en kommer grootgeword. Met Calvyn was dit nie die geval nie.

Johannes Calvyn is op 10 Julie 1509 te Noyon, in die streek Pikardië in die noorde van Frankryk, gebore. Hy was die laaste van die 16de eeuse Hervormers. Sy vader, Gerard, wat die posisie van Prokureur Generaal beklee het, was ’n vername man in Noyon. Sy vrou se naam was Johanna Lefranc. Haar vader, ’n hoteleienaar te Kamerijk, het sy besigheid verpand of verkoop en het toe in Noyon gaan woon. Vir Gerard was Johanna ’n begerenswaardige party. Haar vader betaal 'n hele vier pond belasting, terwyl Gerard dit met al sy funksies nie verder kon bring as veertig stuiwers belasting per jaar nie. Hulle het naby die Koringmark gewoon, waar Johannes as derde seun van die egpaar Cauvain (Calvyn) Lefranc gebore is. Sy moeder was ’n toegewyde Roomse vrou, wat uit besondere toegeneentheid teenoor haar derde seun, aan hom haar eie naam gee, nl. Johannes.

In die nabyheid van Noyon het die dorp Pont l’Evèque (Biskopsbrug) gelê, waar die grootvader van Calvyn die beroep van vatmaker beoefen het. Vandaar dat Calvyn self ook genoem is “seun van ’n kuiper”.

In sy kinderjare was daar rus en vrede. Vader Calvyn kon as gevolg van sy baie besige program nie veel tyd aan sy ses kinders (vier seuns en twee dogters) bestee nie. Die moeder het egter veel meer tyd aan die opvoeding van veral Johannes bestee. Sy het probeer om vroeg reeds by hom die gevoel vir die verhewene te wek. Mense het gesê dat sy hom geleer het om in die ope lug te bid, soos in ’n vrye tempel van die natuur. Deur haar toedoen het die Roomse geloof al vroeg diep in die gemoed van die ernstige Johannes wortel geskiet. Dit het voorgekom of die seun ’n innemende geaardheid gehad het. Hy het blink, lewendige bruin oë en ’n bleek en effens langwerpige gesig gehad. Gou het vader Calvyn tot die oortuiging gekom dat hierdie Johannes geen gewone kind was nie. Daarom wou hy daarvoor sorg dat sy kinders en veral Johannes goeie onderwys ontvang. In Noyon het hy die stadskool besoek. Calvyn sê dat sy vader baie streng was en dat hy self ’n bedeesde skroomvallige jongman was wat van alleen wees gehou het. Omdat Johannes so ernstig was het sy vader hom vroeg reeds bestem vir die geestelike stand. Hy was besonder goeie vriende met die familie Mommor, een van die gesiene families in die land. Na die vroeë dood van sy moeder is Johannes in die huisgesin van die Mommors opgevoed.

Toe Calvyn twaalf jaar oud was het sy vader met behulp van die biskop, met wie hy op ’n goeie voet verkeer het, gereël dat Johannes ’n toelaag uit die kerklike kas ontvang. Hy word ook vereer met ’n Kapelaanskap.

Intussen voel Johannes dat hy in die plaaslike skool nie meer veel kan leer nie. Aangesien die kinders van die familie Mommor na Parys toe gaan om verder te studeer, is dit logies dat die jong Johannes met hulle saamgaan. Nog te meer omdat destyds die pessiekte in Noyon geheers het.

Calvyn se pa versoek toe die Roomse skool om sy seun toe te laat om na Parys toe te gaan, met behoud van inkomste. Hierdie gebeure het, volgens die ou geskrifte, veroorsaak dat daar baie gekla is oor die jong Calvyn se afwesigheid. Sy vader het weer eens sy bes gedoen om die ouer geestelike here tevrede te stel, en so kon Johannes ongestoord in Parys studeer.

Die universiteit in Parys is reeds in die 13de eeu gestig, en het gegroei as gevolg van sy stryd teen die despotisme van die Kerk. In ’n halwe eeu se tyd was dié universiteit die trots van Frankryk. Die teologiese fakulteit van Sorbonne het veral beroemd geword.

Die mense het destyds gesê dat die kerk op twee pilare steun, nl. die Pous, wat vir die eenheid van gesag sorg, en die Sorbonne wat waak oor die eenheid van die leer.

Maar die glorie van die universiteit het in latere eeue begin afneem. Dit het tot die selfde despotisme gekom wat dit aanvanklik so heftig bestry het. Ook het die mense hulle daar begin verdiep in allerhande drogredes. So word daar o.a. lank en heftig gestry oor of Adam ’n appel of ’n peer geëet het, en oor die gesag wat aan die testament van Lasarus, ná sy opwekking, toegeken moet word. Geen wonder dat Erasmus die draak gesteek het met hierdie universiteit nie, en dat

Doumargue dan ook tereg in sy boek oor Calvyn se jeug geskryf het: *"Aan hierdie vermolmde poort het Calvyn in 1523 aangeklop, toe die pes en die kettery Noyon en Pikardië bedreig het."*

## 2. Student in Parys

Calvyn het met 'n vrolike hart na Parys vertrek. Daar het twee broers van sy vader gewoon, nl. Richard en Jacob, wat wapensmede was. Calvyn sou by een van hulle sy intrek neem. Die professor onder wie se leiding Calvyn Latyn studeer het, was Marturijn Cordier. Hierdie Cordier het die evangeliese geloof bely. Hy maak gebruik van elke gepaste geleentheid om sy studente opmerksaam te maak op die gebreke en verkeerde in die Roomse Kerk. Hy het later 'n leerling van Calvyn geword en sterf op vyf en tagtig jarige leeftyd te Genève in dieselfde jaar as Calvyn.

In Parys maak die jongeling (Calvyn) 'n teregstelling mee. Op 'n sekere oggend word die groot klokke van die Notre-Dame gelui, wat beteken dat daar op die plein voor die kerk 'n ketter verbrand sou word. 'n Groot menigte het mekaar op die plein verdring om die slagoffer te sien. Die veroordeelde word, tot sy onderklere uitgetrek, na die strafplek gelei, waar al die geestelikes versamel was. Die klokke lui asof dit 'n groot feesdag was en lok die volk na die plein. Daar word vertel dat hierdie ketter 'n kluisenaar uit die omgewing was, wat in die bos van Livry gewoon het. Hy is beskuldig van ketterse leringe teen Rome, die pous en die Katolieke geloof. Hy sou op 'n klein vuurtjie verbrand word. Die priesters en die professore van Sorbonne vertel vir die volk dat die mense hierdie ketter aan die hel gaan oorgee. Die veroordeelde verdra die marteling met 'n voorbeeldige geduld. Sy naam is nie eers bekend nie. Maar die teregstelling maak op Calvyn 'n diep indruk.

Calvyn was verleë van aard. Hy noem homself swak en kleinmoedig. Maar nou dat hy, danksy Cordier, 'n spoor van waarheid gevind het, laat hy hom deur sulke wreedhede nie afskrik nie, om die spoor te bly volg. Hy het egter nog nie met die kerk gebreek nie. Daarvoor moes hy eers die dwaashede van die pouslike kerk leer ken. Danksy die goeie biskop Claudius van Hanges, ab van St. Eloy, een van die Mommor-familie, word Calvyn kanunnik van die Domkerk. Deur onderhandeling verruil hy hierdie standplaas vir dié van Pont l' Eveque, omdat daar heelwat familie woon, o.m. sy ou grootvader, en ook omdat sy vader in dié kerk gedoop is. Hy was wel nie georden nie – Calvyn het nooit die priesterwyding ontvang nie – maar tog het hy in Pont l'Eveque menigmaal die Woord bedien. Die ou kronieke sê: "In Calvyn het die mens 'n wolf in die skaapkraal toegelaat". Nietemin het die ou grootvader hom verheug elke keer wat hy sy kleinseun hoor preek het. Hierdie funksie het aan Calvyn nie veel werk verskaf nie, maar wel heelwat geld. Hy het dit egter nie lank volgehou nie. Hy sou in daardie tyd gesê het: *"Ek laat die priesterwyding deur salwing vaar, maar staan op vaste grond in die doop wat ek in die Naam van my Here, Christus, ontvang het".* Calvyn was intussen besig om 'n invloedryke man in die kerk te word, totdat sy vader Gerard skielik die saak verydel. Hy het naamlik gemeen dat Johannes dit as regsgeleerde verder sou bring as 'n geestelike, maar tog wou hy nog steeds die tydelike voordeel hê. Daarom beveel hy hom aan om regte te gaan studeer. Dit was vir Calvyn nie moeilik om sy vader se wens te gehoorsaam nie. Hy het die geestelike stand van naderby leer ken en die kennismaking het hom nie geval nie.

Calvyn vertrek nou na Orleans om daar in die regte te studeer. Hy doen dit met groot entoesiasme en studeer baie hard. Hy gun homself min tyd om te eet, en slaap selde meer as 'n derde van die nag. As hy op die bed lê dan bedink hy dit wat hy geleer en gelees het. Dit was geen verstandige lewenswyse nie, en sy latere liggaamswakheid kan waarskynlik hieraan toegeskryf word. Tog maak hy vinnig vordering, soveel so dat hy selfs die professore kon vervang. Met algemene instemming verleen hulle hom dan ook 'n doktorstitel. 'n Titel wat Calvyn nooit wou dra nie. Hy laat hom deurgaans "Meester Calvyn" noem. Hy was toe 20 jaar oud.

Van Orleans af vertrek hy na Bourges waar hy ondermeer die lesings volg van Melchior Wolmar. In die huis van Wolmar ontmoet Calvyn 'n jong man, Theodorus Beza, met wie hy 'n lewenslange vriendskap gesluit het.

Hier, te Bourges, het Calvyn 'n berig ontvang dat sy vader dodelik siek was. Hy haas hom na Noyon, waar die ou Gerard Calvyn in die arms van sy seun Johannes sterf. By die sterfbed van sy vader skryf Calvyn 'n brief aan 'n vriend te Bourges. Hierdie brief het behoue gebly en is die oudste

dokument wat van dié Hervormer oorgebly het. Vader Calvyn wou van die nuwe leer niks hoor nie, en ofskoon Calvyn toe al los was van vele gebruike van die Roomse Kerk, het dit nie verhinder dat sy vader die laaste sakrament ontvang nie. Toe Gerard Calvyn oorlede is, het Calvyn nie alleen sy vader begrawe nie maar ook sy planne om regsgeleerde te word.

## 3. Die groot verandering

Na die dood van sy vader, wys Calvyn die kerklike inkomste wat hy steeds geniet het, van die hand. Van 'n kerk wat so diep bedorwe was wou hy geen voordeel trek nie. In daardie jaar verlaat hy Orleans en gaan na Parys, waar hy kennis maak met heelwat geleerde manne.

In Orleans en Bourges het hy meer gedoen as om hard te studeer. Daar was verskeie mense wat die Hervorming goedgesind was. Hulle het kennis geneem van die werk wat Luther in Duitsland doen. Dit het hom ook daartoe gebring om self ook die Heilige Skrif te gaan ondersoek.

Calvyn word ook tot hierdie kring toegelaat. Dit was meestal gesiene mense wat tot hierdie kring behoort het. Selfs Margaretha, die suster van die koning, het daaraan behoort. Dit het vir Calvyn uitstekend te pas gekom dat hy in die huis van die edelman Mommor opgevoed is. Meer ywerig as enige iemand anders, bestudeer hy die Bybel en preek ook dikwels in die kring van hierdie Skrifondersoekers.

In dié tyd het die geloofsvervolging in Frankryk begin. Veral in Parys het die mense verwoed teen die Hervormers opgetree. Calvyn het weer martelare gesien wat blymoedig die dood ingaan. Toe begin hy daaroor nadink of hy ook so moedig vir sy geloof sou sterf.

Hierdeur kom hy langsamerhand tot ander insigte en in die jaar 1533 kom Calvyn tot bekering. Hieroor het Calvyn min geskryf. *"Ek preek nie graag oor myself nie"* het hy eenkeer aan die Kardinaal Sadoles geskryf. Aan dieselfde Kardinaal gee hy 'n verslag oor sy bekering, wat hierna volg:

*"Ek het wel 'n Christelike opvoeding geniet en bely ek, o Here, die geloof in U. Maar dit was nie anders as die destyds geldende algemene geloof nie. U Woord was onder die maatemmer verberg. Vir die gewone mense, so leer die mense ons, was niks meer nodig nie as blinde gehoorsaamheid aan die Kerk. Weinig van wat die mense my geleer het, was van so 'n aard dat dit my gelei het tot U diens, of vir my 'n sekere hoop kon gee vir die ewigheid, en net so min my heiliging tot oorgawe aan U. Wel het ek geweet dat U die ewige God is, maar omdat ek nie geweet het hoe om U te dien nie, het ek by die eerste tree reeds weer ver van U afgewyk. Ek glo dat ek deur die dood van U Seun gered is van die ewige verdoemenis. Maar ek het my 'n verlossing voorgestel sonder dat die kragtige werking daarvan in my lewe sigbaar word. Ek het 'n toekomstige dag van opstanding verwag. Maar as ek daaraan gedink het, het ek geskrik, soos vir 'n groot onheil wat my kon tref. Met my werke het ek gemeen om my met U te versoen; met my offers en voorbidding het ek gemeen om U toorn af te wend. So vele kere as ek tot myself ingekeer is, of my gedagtes wil ophef tot U, gryp daar altyd 'n onuitspreeklike angs my aan, wat deur geen versoening en geen werk van voldoening gestil kan word nie.*

*En hoe duideliker my toestand voor my gees kom, word my gewete deur 'n des te skerper doring gepynig, sodat daar vir my geen ander troosmiddel oorbly as die onsalige roes van die selfvergetelheid nie. Nadat my hart reeds vir 'n lang tyd deur ernstige ondersoek voorberei is, het die volle belydenis van die waarheid my meteens, soos 'n felle weerligstraal die onmeetlike diep afgrond van die sonde getoon. Die vrees het my aangegryp toe ek sulke ellende sien, en die nog groter ellende wat my nog te wagte was. Wat het toe vir my, ellendige en verworpene, oorgebly, o Here, anders as om onder trane en sugte en smekinge, my ou lewe wat U geoordeel het, vaarwel toe te roep en om na U te vlug?*

*Daar is slegs een hawe oor vir ons siel en dit is die barmhartigheid van God wat aan ons in Christus gebied word, want in Hom is alle aspekte van ons saligheid vervul en het dit 'n werklikheid geword. Ons is almal deur ons sonde voor God verlore, maar die enkele geregtigheid van Christus het ons volkome gered. Deur Sy gehoorsaamheid het Hy ons oortredinge bedek en deur Sy offer die toorn van God versoen. Deur Sy bloed is ons sondesmet afgewas, deur Sy kruis is die vloek*

*van ons weggeneem. Deur Sy dood is vir ons voldoen. Ons word uit genade salig, nie deur ons verdienste of deur ons werke nie. Terwyl ons deur die geloof vir Christus omhels en in Sy gemeenskap ingaan, noem ons dit, volgens die Woord van die Skrif: 'die regverdiging deur die geloof'.*

*Dit was dan ook 'n algehele oorgawe. God het die bekering plotseling in my gewerk. Eensklaps het God my aan die gehoorsaamheid van Sy wil onderwerp. Van nou af aan was dit 'Ja' tot in die dood. Ek behoort aan God met al wat ek het en is, en ek soek niks anders as Sy eer nie!"*

Later skryf Calvyn: *"Voordat die jaar verby was, sien ek met die grootste verbasing, almal na my toe kom, vir wie die belydenis van die suiwere Woord belangrik was, om hulle deur my, wat self nog maar enkele treë gegee het op die weg van die geloof, te laat onderrig."*

## 4. Vlugteling

'n Jaar voor sy bekering, 1532, skryf Calvyn sy eerste boek. Dit was 'n verklaring van die beroemde werk van Seneca: *"Die Sagmoedigheid."*

Op die titelblad het hy sy naam Cauvain verlatyns geplaas as *Calvinis*. Hy kon geen uitgewer daarvoor kry nie en gevolglik verskyn dit vir die rekening van Calvyn self. Daaroor was hy baie gespanne: eerstens dat hy nou vir die eerste maal in gedrukte vorm voor die voetligte verskyn, maar ook dat die rekening van die drukker hoër was as verwag. Om die koste te dek, het hy enkele dosente aan die universiteit te Orleans versoek om die boek in hul lesse te gebruik, en te Bourges sou 'n vriend dit aan die studente voorstel.

Aan sy vriend Daniël stel hy voor om honderd eksemplare in ontvangs te neem, en hy skryf daarby: *"Ek moet toesien dat die geld wat die uitgawe gekos het, van een of ander kant af terugkom. Tog sou ek wil hê, ter wille van my naam, dat jy eers vir my sal skryf of my boek met welwillendheid ontvang is of nie."*

'n Mens vra jouself af waarom Calvyn as eerste boek 'n werk van die heidense Seneca verklaar. Tog was dit nie so dwaas as wat dit lyk nie. Seneca was eertyds die leermeester van die berugte Keiser Nero, en hy het deur die skryf van dié boek 'n poging gewaag om die keiser se bloeddorstighede ietwat te tem. Dit kon hy nie regkry nie en Seneca self word op Nero se bevel met die swaard gedood. Toe Calvyn sy boek geskryf het, het Koning Frans I geweldadig teenoor sy Protestantse onderdane geword. Calvyn het deur hierdie boek oor sagmoedigheid beslis 'n beroep gedoen op die hart van die Koning. Gou genoeg sou Calvyn ook met vervolging te make kry.

Die Rektor van die universiteit van Parys, Nicolaas Cop, moes op 1 November 1533 'n toespraak voor die studente en professore lewer, en versoek toe vir Calvyn om die toespraak te skryf. Calvyn aanvaar die opdrag en ontleen sy teks aan Matteus 5: *"Salig is die armes van gees."*

Dit was 'n ongesogte geleentheid om aan die geleerde Frankryk 'n onverskrokke verklaring te gee van die godsdienstige beginsels wat deur die Protestante bely word. Die toespraak se hooftema was: 'Die regverdiging deur Christus'. Cop het die toespraak gehou, maar het daarmee so 'n storm ontketen dat hy voor die Parlement gedaag word. Onderweg daarheen word hy gewaarsku dat sy lewe in gevaar was. So kon hy betyds na Switserland toe vlug. Dáár is 'n prys van 3000 lire op sy hoof geplaas.

Dit was bekend dat Calvyn 'n besondere vriend van Cop was. Die ketterjaer, Morin, beplan om Calvyn gevange te neem, wat toe in die gimnasium Forteret gewoon het. Die polisie het reeds voor die deur gestaan toe Calvyn tuis gewaarsku is. Hulle laat hom toe, in 'n mandjie, aan toue afsak tot in die binneplaas, waarvandaan hy gevlug het na die voorstad St. Victor. 'n Vriend vermom hom as 'n wynboer. Soos 'n wynbouer trek hy die volgende dag Frankryk binne. Hy vlug eers in die rigting van Angoulême. Daar woon Louis Du Tillet, 'n ryk kanunnik en vriend van Calvyn, wat hom graag in huis neem. Wie ook al vir Du Tillet sou vra wat sy loseerder se naam is, kry as antwoord die naam Karel d'Espeville, 'n algemene naam. Die huis van hierdie pastoor was Calvyn se spelonk van Adullam. Hy vind daar 'n Biblioteek van tussen 300 en 400 boeke. Hy kon dus na hartelus

studeer. Op versoek van sy vriend skryf Calvyn preke en Christelike redevoerings, waardeur die volk weer smaak sou kry in die suiwere kennis oor die heil in Christus.

Vanaf Angoulême onderneem hy gedurende Mei 1534 verskeie reise te voet na Noyon. Hy doen daar amptelik afstand van sy geestelike waardigheid en van die geldelike voordele wat daaraan verbonde was.

Ook bring hy ŉ besoek aan Nerac, waar Margaretha, die Koningin van Navarre, woon. Die Hervormers wat in dié tyd in Frankryk was, vind hier ŉ vriendelike beskerming. So het daar ook Jacques le Fèvre d'Etaples gewoon. Hy was al byna honderd jaar oud, want hy is in 1435 te Etaples in Pikardië gebore. Sy Latynse naam was Jacobus Faber, maar hy het in die geskiedenis as Le Fèvre bekend gestaan. Met reg kon hy die voorloper van Calvyn genoem word.[1]

Calvyn het in Nérac aangekom juis toe die stokoue Le Fèvre sy Franse Bybelvertaling voltooi het. Hierdie vertaling verskyn in April 1534 te Antwerpen. Toe Le Fèvre vir Calvyn ontmoet, het hy sy hand op Calvyn se skouer geplaas en gesê: *"Jy sal ŉ instrument wees waardeur die Koninkryk van die hemele in Frankryk bevestig sal word"*. Hy het dit self nie kon bereik nie. Le Fèvre en sy vriend Rousel en ook Koningin Margaretha wou die Roomse tempel reinig, dog die Roomse Kerk was daarmee nie gediend nie. Die geskrifte van Le Fèvre word verbrand. En nou staan die honderdjarige hier in Nérac oog in oog met ŉ jong man, wat die tempel *nie* wil reinig nie, maar wat voorbestem was om op haar fondamente ŉ nuwe gebou op te rig.

In geselskap van sy vriend Du Tillet besoek Calvyn ook ander plekke, en oral waar hy kom, preek hy God se Woord. Hy wat self ŉ vlugteling is, wys sy hoorders op die ewige rus wat vir die volk van God voorlê.

Vir die laaste keer besoek hy Parys, met lewensgevaar. Hy moes ŉ sekere Michaël Servet, ŉ Spaanse geneesheer gaan sien. Hierdie man ontken die Drie-eenheid, en Calvyn wou probeer om hom van sy dwaling te bekeer. Die plek en die tyd van die ontmoeting is afgespreek, maar Servet het nie opgedaag nie en Calvyn moes, ter wille van sy lewe, haastig Parys verlaat.

Saam met Du Tillet vlug Calvyn na die Duitse grens, wat hy by Metz oorsteek. Maar in Metz word die vriende deur een van die bediendes van Du Tillet besteel, en sonder enige besittings bereik hulle Straatsburg. Hier word hulle deur vriende gehelp sodat hulle hul reis na Basel kon voortsit. In die najaar van 1534 bereik hulle die stad, en Calvyn neem sy intrek by die vrome weduwee, Catharina Klein.

Op ŉ armsalige dakkamertjie, die enigste wat beskikbaar was, het Calvyn hard gewerk. Vanuit sy vaderland verneem hy allerhande berigte oor wederdopers, sakrament-skenders, staatkundige oproermakers en allerlei dwaalgeeste. *"Ek sou in eie oë ŉ verraaier wees as ek die leuens nie so duidelik moontlik in die lig stel nie",* roep Calvyn uit. En hy begin dadelik met die skryf van ŉ boek, wat sy lewenstaak sou word, nl. **"Institusie of Onderwysing in die Christelike Geloof."**

Hy skryf hierdie "Institusie" in Latyn, sodat dit die hele beskaafde wêreld kon bereik. Dit word ŉ boek van 500 bladsye, verdeel in ses hoofstukke. Sy hele lewe lank het Calvyn aan dié boek gewerk. Elke herdruk word aangevul met nuwe hoofstukke. Uiteindelik het dit vermeerder tot vier boeke met tagtig hoofstukke. Die kern van die "Institusie" was die Predestinasie. Op hierdie Predestinasie is die Gereformeerde Kerk in Frankryk gegrond.

Calvyn begin sy "Institusie" met ŉ lang brief: *Aan die magtige en roemryke Monarg, Franciscus die Allerchristelikste Koning van Frankryk, sy Soewereine Vors en Heer, wens Calvyn saligheid in Christus toe.*

Ons sal hierdie merkwaardige brief in ŉ afsonderlike hoofstuk oor die "Institusie" opneem.

Nouliks het dié boek verskyn of Calvyn en Du Tillet verlaat Basel, om oor besneeude bergpaaie heen die sonnige Italië te bereik. Calvyn se hart het hom na hierdie land, waar die Pous regeer toe gedryf. Sy eerste doel met sy reis was Ferrara, en verder as Ferrara het hy nie gekom nie.

## 5. Die verblyf te Ferrara

Calvyn het saam met sy vriend Du Tillet na Italië gereis. Hulle het albei vals name aangeneem omdat hulle albei tot die geestelike stand behoort het. Omdat die Inkwisisie oral ore en oë gehad het, reis Calvyn onder die naam Karel d'Espeville en Du Tillet noem homself Louis de Haulmont.

In die dae van die Hervorming was dit die gewoonte. Luther het immers ook as "Jonker Georg" op die Wartburg gebly. Van Calvyn is daar selfs sewe skuilname bekend. In Ferrara regeer Hertog Hercules II, 'n kleinseun van Pous Alexander VI.

Die hertog was getroud met Renata van Frankryk, 'n niggie van Koningin Margaretha. Sy was pas sewentien jaar toe sy met die Hertog getroud is. Sy was reeds toe al afkerig teenoor die Roomse Kerk. Die bejaarde Lefèvre het haar geleer wat dit beteken om 'n Christen te wees. Hy het haar bekendgestel aan die waarheid van God. Ook die tonele van die vervolging van die Gereformeerdes het haar jong hart getref. Hartlik verbind tot die Hervorming het sy tot die hertoglike hof toegetree. Sy het agt jaar daar gewoon toe Calvyn met sy vriend daar verskyn het. Hy was nie die eerste Protestant wat daar verskyn het nie. Daar was ook ondermeer die Franse digter Marot, wat die Psalms in Frans berym het. Die Psalms is later deur Datheen in Nederlands vertaal. Ander emigrante het bekend gestaan as letterkundiges, en omdat Hercules gedink het hy kon die glorie van sy hertogdom met diesulkes verhoog, was hulle welkom.

Calvyn ontvang vergunning om in die privaat vertrekke van die Hertogin te preek. Hy verkondig aan haar die regverdigmaking deur die geloof en eis 'n algehele en onverdeelde oorgawe aan God. Die jong Hervormer het haar kennis bygebring omtrent die predestinasie. Hy sê vir haar dat die priester as middelaar oorbodig is, omdat Christus die enigste Middelaar is. Daarom kan die vryspraak van die geestelike maar gemis word, omdat God alleen dit skenk. Hy verwerp die voorbidding vir die heiliges en die versoenende krag van die sakramente, en doen 'n dringende beroep op persoonlike verantwoordelikheid.

Sulke taal was in Ferrara nog nooit gehoor nie, dog dit het die hart van Renata geraak. 'n Roomse skrywer het dan ook gesê: *"Calvyn besmet Renata so met sy dwalinge, dat mens nooit weer die gif, wat hy haar laat drink het, uit haar hart sal kan haal nie."*

Miskien het Calvyn daarvan gedroom dat hy deur middel van Renata die hele Ferrara sou kon verower, te meer omdat daar by die universiteit reeds groot beroeringe ontstaan het. Dog al hierdie verwagtinge het soos 'n seepbel uitmekaar gespat. Die instemming waarmee Renata na hierdie prediker geluister het, het haar man onrustig gemaak. Hy het nog maar slegs vir een jaar die hertogskroon gedra, en was nie van plan om die kroon op die weegskaal te plaas nie, of om die pous teen hom in die harnas te jaag nie. Hy begin dan ook om sy gebied van kettery te suiwer. Mense wat die leer van die Hervorming goedgesind was, ontvang 'n kennisgewing om die land te verlaat. Oor Calvyn sê Hercules II: *"Die man, Karel van Espeville, sal, sodra hy gevind word, ter wille van die godsdiens, voor die regbank moet verskyn!"*

Hierdie besluit van die Hertog tref vir Renata soos 'n weerligstraal. Sy begryp dat dit die einde beteken van die heerlike maande wat sy met Calvyn beleef het, want sy durf nie Calvyn se lewe in gevaar stel nie. Gevolglik moet hy die Hof verlaat, maar bly vir dertig jaar lank met haar korrespondendeer. Aan sy broer dikteer Calvyn op sy sterfbed nog die laaste brief vir Renata, en hy voeg daarby 'n medalje wat eens deur Koning Lodewyk XII geslaan is, tydens sy stryd met Pous Julius II. Daarop staan die spreuk geskryf: *"Ek sal die naam van Babilon verwoes."*

In die geheim verlaat Calvyn die hertog se paleis. Vir slegs ses maande het hy in Ferrara vertoef. Die Roomse vyandskap slaan die reformatoriese hofkring uitmekaar, en in die barre winter van 1536 swerf Calvyn deur Noord-Italië, omring deur doodsgevare. Eenkeer word hy deur die dienaars van die Inkwisisie gevange geneem, met die doel om hom na Boulogne toe te neem, waar hy ter dood gebring sou word.

Hertogin Renata kom dit te hore. Sy stuur toe 'n aantal vermomde ruiters die pad op na Boulogne, om Calvyn uit die hande van sy vyande te verlos en om hom na Modena te neem. Daar begin sy

swerftog weer. Oral waar die geleentheid hom voordoen preek Calvyn, en eenkeer ontkom hy ter nouernood aan die dood deur steniging.

So bereik hy Savoye, waar die Waldense woon. Vir 'n tyd lank vertoef hy met veel seën in hul midde. Veral in die dal van die Aosta, aan die voet van die grote St. Bernard, het hy lank vertoef. Op 'n nabygeleë heuwel preek hy bedags vir 'n groot skare. Die heuwel word vandag nog genoem die "Calvyn heuwel". Mense het daar selfs 'n gedenkplaat opgerig met die opskrif: "Hierdie teken is in 1541 opgerig ter herinnering aan die vlug van Calvyn en twee eeue later deur die ywer van trougeblewe vromes herstel." Dog ook hier kon hy nie bly nie. Die Roomse Kerk steek die Staat teen hom op en die swerftog begin opnuut.

Nog eenkeer trek hy na Frankryk en waag dit om 'n besoek te bring aan Noyon. Daar is hy die middel in God se hand om sy broer Anton en sy suster Marie tot bekering te lei. Sy ouer broer Karel kon hy nie meer besoek nie. Hy het kort tevore as 'n Roomse geestelike gesterf, maar hy het die genademiddele van die Kerk afgewys en het in die Reformatoriese geloof gesterf. As 'n wraak daaroor het die mense hom op die Galgveld 'n oneervolle begrafnis gegee.

Dit was vir Calvyn nie maklik om van sy vaderland te moet skei nie. Vir goed! Hy skryf dan ook in dié dae: *"Mense gooi my uit die land van my geboorte. Elke skrede na die vreemde het my bittere trane gekos. Laat dit so wees! As die waarheid in Frankryk nie mag woon nie, dan wil ek ook nie daar wees nie. Haar lot sal dan ook myne wees!"*

In geselskap van Anton en Marie trek hy weg. Sy bedoeling is om hom in Straatsburg of in Basel te vestig. Maar reeds enkele maande woed daar opnuut oorlog tussen Karel V en Frans I. Daarom was dit vir hom onmoontlik om die kortste pad deur Champagne en Lotharingen te neem en hy probeer om oor Genève na Basel te kom.

In die tweede helfte van Julie 1536 trek hy die Franse grens oor en kom hy in die Switserse stad Genève aan. Hy was van plan om daar vir een nag te bly....

## 6. Een nag te Genève

Calvyn se vriend Du Tillet bevind hom reeds in Genève. Hy het nie saam met hom na Noyon gereis nie. Toe hy hoor dat Calvyn die stad binne gekom het, het hy dit dadelik aan Willem Farel meegedeel.

Farel was ontroerd toe hy die naam van Calvyn, die skrywer van die "Institusie", hoor. Farel is gebore in die Alpegebied, op die grens tussen Frankryk en Italië. Sy ouers was vroom Roomse mense. Sy vader het Willem bestem vir krygsdiens. Maar Willem wil studeer. So beland hy dan ook in Parys, waar hy nie aangename ervarings gehad het nie. Hy vorder nie met sy studies nie en raak sy oorgelewerde vroomheid kwyt. Hy lees getrou in die Bybel maar begryp daar niks van nie en hy noem homself "die beklaenswaardigste van alle skepsele". Toe kruis Lefèvre sy pad. Die leeftydsverskil was groot. Lefèvre was toe al sestig en Farel nouliks twintig jaar. Maar hulle siele was verwant. Die professor en die student soek albei die waarheid, en Lefèvre vind dit in die Bybel. In Parys word hy (Farel) onderwyser, maar aangesien hy sy Reformatoriese gevoelens nie onder stoele en banke steek nie, word dit vir hom daar te gevaarlik. Saam met Lefèvre trek hy na Meaux, en later na Basel, Straatsburg en Montbéliard, tot hy in 1532 te Genève beland. Nadat hy oneervol uit Genève verdryf is, keer hy in 1534 daarheen terug, om daar te bly.

Hy word predikant te Genève, maar die werk word vir hom te veel. Menigmaal het hy tot die Here gebid met die versoek of die Here nie vir hom hulp kan stuur nie.

Geen wonder nie dat hy opgespring het van vreugde toe hy van Du Tillet gehoor het dat Calvyn in die stad was. Daardie aand storm opeens die driftige Farel die nederige verblyfplek van Calvyn binne, met 'n versoek, nee, met 'n eis, dat Calvyn in Genève sou bly om daar die herderstaf op te neem, wat vir hom alleen te swaar geword het.

Calvyn het geskrik van soveel heftigheid. Dit was sy bedoeling om iewers 'n rustige plekkie te soek, waar hy kon studeer. Hy verlang na die onderrig van Bucer en Capito. Genève was 'n besige, woelige stad, en Calvyn skrik by die gedagte dat hy juis hier predikant sou moes wees.

Onvoorwaardelik wys hy dan ook die versoek van Farel van die hand. Hy motiveer sy besluit met: *"Hy was daarvoor veels te jonk (27) en onervare. Hy mag homself nie aan 'n bepaalde amp en een enkele kerk verbind nie, maar moes vir eers nog in die algemeen werk. Ook was hy met sy studies nog lank nie waar hy wil wees nie. Hy het 'n behoefte aan nog enkele jare, om in stilte en rus ywerig voort te gaan met sy werk."*

Farel het Calvyn se standpunt teengestaan, terwyl Calvyn voortgegaan het met: *"Ek ken myself die beste. Ek weet baie goed dat my skugterheid en eienaardige gemoedstoestand my nie geskik maak vir hierdie amp nie; ek mag daaraan nie eers dink nie!"*

Maar Farel, wat erg vasberade was en nooit toegegee het nie, bly nou ook standvastig. Hy spreek openhartig sy bittere minagting daaroor uit, dat soldate van Christus vir dié stryd sou terugdeins. Hy herinner Calvyn aan Jona, wat ook eens die vermetelheid gehad het om hom aan die roeping van die Here te onttrek, en wat toe as straf in die maag van 'n walvis beland het.

Farel was maar klein van postuur, maar terwyl hy praat lyk dit of sy postuur in omvang toeneem. Oor sy lelike en sonverbrande gesig met sy rooi baard, gloei die glans van 'n heilige ywer. Hy spring op, en soos 'n profeet van die Ou Verbond, plaas hy homself voor die Hervormer en terwyl hy sy vlammende oë op die jongman gerig hou, roep hy met 'n bulderende stem uit: *"Jy dink aan niks anders nie as aan rus; jy bekommer jou oor niks anders nie as oor jou studies, komaan! In die Naam van die Almagtige God sê ek vir jou, dat Hy, indien jy aan sy roeping geen gehoor gee, jou voornemens nie sal seën nie. God vervloek jou rus – verstaan jy? God vervloek jou studies, as jy jou aan so 'n groot nood durf onttrek en weier om hulp en bystand te lewer!"*

Calvyn sit daar asof hy deur 'n weerligstraal getref is. *"Deur onuitspreeklike groot skrik bevange,"* skryf hy later, *"laat vaar ek onmiddellik die weerstand."*

En twintig jaar later gryp verbystering hom aan as hy aan dié vreeslike oomblik dink.

Hy belowe toe vir Farel dat, sodra hy sy broer na Basel toe geneem het, hy onmiddellik sal terugkeer en hom dan geheel en al, in die mag van die Here, op die werk in die gemeente sal toelê.

In die laat herfs van 1536 vestig Calvyn hom in Genève. Hy was toe 27 jaar oud, en so tingerig en swak van liggaam, dat 'n mens by die eerste oogopslag nòg van sy krag, nòg van sy vasberadenheid veel verwag. Sy bleek, maar skerp getekende gelaat, sy selfbewuste houding en voorkoms en sy onaansienlike gestalte wat lyk of dit net uit senings en brein bestaan, bevestig skynbaar sy eie mening, dat hy eerder vir 'n studeerkamergeleerde as vir 'n herder en leraar van 'n gemeente in die wieg gelê was.

Baie versigtig en beskeie was sy eerste optrede. Hy was soos iemand wat skugter die voet op onbekende grond sit, en wat na niks meer verlang as om verlos te wees van die mense se gegluur. Op sy versoek laat Farel eenvoudig aan die Magistraat van Genève weet, dat 'n sekere Johannes Calvinis van voorneme was om hom in die stad te vestig *"wat sy diens aan die Kerk wil toewy, as hulle dink dat hul hom wel daarvoor kan gebruik."*

Sonder om besondere aandag aan hierdie saak te gee, neem die Raad hierdie mededeling as 'n kennisgewing aan. In die dokumente word slegs gepraat van *"'n sekere Fransman."* Oor salaris word daar nie gepraat nie, en eers na vyf maande praat die mense daaroor om vir hom 'n klein geskenkie in geld te gee, *"aangesien hy tot nog toe niks ontvang het nie."*

*"Hy beklee die amp van Dosent in die Godgeleerdheid. En, omdat daar eintlik geen universiteit bestaan nie, onderwys hy - sonder 'n bepaalde aanstelling - diegene wat om die een of ander rede dieper in die kennis van die Skrifte ingelei wil word, omdat daarvoor by die gewone godsdiensoefeninge geen geleentheid was nie.*

Gelyktydig begin hy met die vertaling van sy "Institusie" in Frans.

Na enkele maande spreek die gemeente die wens uit om Calvyn as predikant te hê. Calvyn stem daartoe in, sonder dat hy sy ónderwysersamp opgee. Sy hele lewe lank het hy dit as sy belangrikste werk beskou.

Om ’n indruk te gee van wat Calvyn alles gedoen het, is dit hier die plek om ’n stukkie oor te neem uit ’n brief van Calvyn, waarin hy skryf oor ’n besonder besige dag!

*“Dit is ’n dag, soos wat ek my vir die hele jaar nie kan herinner nie. Om te begin, het ek twintig velle (320 bladsye) van my boek nagesien, waar die bode (van die drukkery) al lank reeds op wag. Daarna my gewone lesing aan die universiteit; daarna my preek (Calvyn het elke dag gepreek); verder vier briewe wat beantwoord moes word; ook moes ek ’n aantal geskille besleg en meer as tien keer, tussen al hierdie bedrywighede deur, ontvang ek besoek van mense, wat ek aangehoor het en wat ek moes antwoord.*

*Vergewe my daarom as my brief hierdie keer ietwat kort is en onreëlmatig voorkom.”*

’n Mens verwonder jou daaroor hoe een mens soveel werk kan verrig, en dan moet daar nog bygesê word, dat Calvyn ’n swak gesondheid gehad het. Soms word hy dae aaneen gepla met ’n hewige hoofpyn. Tog bly hy deurwerk, ook toe hy in 1562 begin sukkel het. Hy wou werk solank dit dag was, en toe hy in die bed moes bly lê, het hy nog sy gedagtes oor die Heilige Skrif gedikteer....

Daar was wel eens besorgde vriende wat hom gewaarsku het en aan hom raad gegee het om op te hou met skryf. Daarop het Calvyn geantwoord: *“Wil julle dat ek deur die Here gevind sal word terwyl ek ledig sit?”* Meer as een keer het dit gebeur dat hy na ’n kerkraadsvergadering gedra moes word.

## 7. ’n Oop deur en ... baie teenstanders

Behalwe Farel, werk daar in Genève ook ’n sekere Peter Viret, ’n Switser van geboorte. Hy was twee jaar jonger as Calvyn. Hy het in Parys gestudeer, waar hy kennis gemaak het met die geskrifte van Luther. Dít bring by hom ’n groot verandering in insig, sodat hy selfs uit Parys moes vlug en na sy geboorteplek, Orbe, terugkeer. Daar ontmoet hy vir Farel, wat toe predikant van Genève was. Hulle word beste vriende en in 1535 roep Farel hom na Genève. Viret was net so sag en innemend in al sy doen en late, as wat Farel fors en groot was.

Viret het verskeie kere in lewensgevaar verkeer. Nog maar skaars was hy in Genève of daar is ’n poging om hom deur vergiftigde sop om die lewe te bring. In die huis van Froment, waar Farel en Viret gewoon het, was daar ’n Franse diensbode, wat gemaak het asof sy ter wille van die geloof uit Frankryk gevlug het. Op Saterdag 6 Maart 1535 vergiftig sy die sop wat vir die drie predikante gereedgemaak is. Die gaste sit alreeds aan tafel, toe Farel sê dat hy nie lus is om te eet nie, en meteens van die tafel af opstaan. Froment was op die punt om die sop te begin eet, toe iemand binnekom met die boodskap dat sy vrou en kinders in die stad aangekom het. Hy laat die sop net so staan en vertrek dadelik om sy gesin te ontmoet.

Viret het toe alleen aan die tafel oorgebly. Hy begin toe om die sop te eet maar het, miskien omdat die maaltyd versteur is, nie soveel geëet soos wat hy gewoond was nie. Hy was nog nie geheel herstel van die dolksteek wat hom deur ’n priester toegedien is nie. Nadat hy van die sop geëet het word hy dodelik siek. Gelukkig het hy weer herstel, maar moes hy in sy hele verdere lewe ly as gevolg van die vergiftiging. Die diensmaagd word gevang, en sy verwens die priesters wat haar daartoe opdrag gegee het. Daar het ’n onbeskryflike gees van dankbaarheid geheers toe Viret, nog steeds doodsbleek, vir die eerste keer opgetree het.

Die poging om die drie predikante te vergiftig was die druppel wat die emmer laat oorloop het. ’n Paar dae later laat ’n nuwe vertoning van vyandskap ’n oproer uitbreek. Die priesters word uit die stad verjaag. Beelde, skilderye en relikwieë word uit die kerke verwyder en die predikers word triomfantlik na die kansels toe begelei. Die owerheid het hom toe met die saak begin bemoei, en op 26 Augustus 1535 neem die Raad dié besluit: *“Die pouslike godsdiens is afgeskaf en die gereformeerde waarheid is aangeneem.”*

Toe het Farel die moeilike taak gehad om die hele kerklike lewe te reël. Daar was slegs vier predikante. Die ergste was dat die vyandige deel van Genève se bevolking hulle openlik aan allerhande goddeloosheid oorgegee het. Geen wonder dus dat Farel dikwels dié versugting uitgespreek het nie: *“Ag Here, stuur tog asseblief iemand wat magtiger is as ek!”*

Hierdie bede is toe verhoor deur die koms van Johannes Calvyn, die skrywer van die beroemde "Institusie".

Calvyn spring onmiddellik hard aan die werk. Daagliks preek hy en vind by die gemeente 'n geopende oor. Net soos Paulus in Korinte, vind hy hier in Genève 'n geopende deur. Maar hy het ook net soos die apostel gekla: "maar daar is baie teenstanders".

Calvyn het daarna gestreef om alle openbare goddeloosheid uit Genève te verdryf. Dit het hom geluk om die Raad sover te kry dat 'n besluit geneem word, waarin God se Woord tot Grondwet vir Genève afgekondig is.

Alle raadslede het die volgende eed afgelê: *"Aan God sal die eer gegee word deur die belydenis van die waarheid."* Vervolgens moes die burgers tien-tien saam binnekom om ook die eed af te lê. Die wat weier verloor hulle burgerregte en wie sy eed skend sal gestraf word. Alle dans- en speelhuise word gesluit. Die sing van onsedelike liedere en die aanbieding van oneerbare vertonings word gestraf.

Met medewerking van sy kollegas stel Calvyn 'n kerkorde op. Veral die viering van die Heilige Nagmaal word noukeurig, volgens die voorskrif van die Bybel, gereël. Die brood word gebreek en die beker waaruit *almal* moes drink, word rondgestuur. Almal wat die Nagmaal op onwaardige wyse wil vier, word weerhou. Die gemeentesang word ingevoer en oor die heiliging van die Sondag word streng toesig gehou.

Maar al hierdie aksies wek natuurlik reaksies op. Eers het 'n sekere Caroli, die hoof van die Wederdopers, die stad in beroering gebring. Hy het 'n groot aanhang gehad, en daar het 'n openbare dispuut plaasgevind.

Die Wederdopers verloor die stryd en word uit die stad verban. Vir maande lank het Calvyn en Farel van huis tot huis gegaan en alle dwalendes tereg gewys.

Toe die gevaar besweer is, het die Libertyne ("die Vrysinniges") in beweging begin kom. Dit blyk toe dat die Raad homself nie streng by sy eie besluit gehou het nie. So kon dit gebeur dat die Libertyne by die verkiesing van 1537 die meerderheid in die Raad behaal het.

Toe dans die poppe. Nagte lank is daar op die liederlikste maniere in Genève fees gevier, en mense het voor Calvyn die vuilste liedjies gesing.

Tydens hierdie verwarring het die eis van die Kanton Bern gekom, dat by die Nagmaal nie meer die brood gebreek sal word nie, maar dat die hostie weer gebruik sou word. Hiertoe het die Raad toegestem. Maar Calvyn was beslis daarteen.

Die Libertyne, wat hulle om God nog gebod bekommer het, kies nou vir die Roomse kant en sweep die menigte op. Daar was selfs mense wat hulle hond 'Calvyn' genoem het, en andere dreig om Calvyn en Farel in die Rhone rivier te gooi.

Op die Saterdag voor Pinkster van 1538 stel die Raad aan Calvyn en Farel die vraag of hulle van plan is om die Nagmaal te vier, soos wat Bern dit voorskryf. Farel was nie tuis toe die boodskapper daar aangekom het nie, maar Calvyn het dadelik geantwoord dat hy geen duimbreed sal wyk nie. Daarop volg die verbod om op Sondag die kansel te betree.

Reeds vroeg in die oggend verdring honderde mekaar voor die kerke waar Calvyn en Farel sou preek. Die kansels word deur vriende beskerm. Op 'n bestemde uur verskyn Calvyn en Farel, elk in hul eie kerk. Niemand waag dit om hulle kwaad aan te doen nie. Hulle verklaar op die preekstoel, dat onder hierdie omstandighede die Nagmaal nie gevier kan word nie, en lewer daarna 'n boetepreek. Geraas en geskreeu maak dit vir hulle byna onmoontlik om te praat, maar hulle hou vol, die Here staan aan hulle sy en red hulle uit die kloue van die Vrysinniges.

Die Maandagoggend vroeg kom die Raad byeen. 'n Besluit word geneem dat die predikante binne "drie maal vier en twintig uur" (drie dae) vir ewig die stad moes verlaat!

“Welaan”, sê Calvyn toe die besluit hom meegedeel word, “Welaan, as ons mense gedien het, sou dit ’n slegte beloning gewees het, maar ons het Hom gedien, wat altyd sy dienaars alles wat Hy ons beloof het, vergeld.” Dit het in 1538 gebeur.

Hoe jammer dit ook al was dat Calvyn se arbeid in Genève op so ’n wyse beëindig moes word, het hierdie konflik tog tot iets groots gelei. Juis deur hierdie ballingskap word Calvyn die Hervormer van die hele Kerk van die Here.

Farel het na Neurenberg vertrek en het later in Neuchatel gearbei. Hy het nooit weer na Genève teruggekeer nie. Hy het slegs in Mei 1564 weer na die stad toe gekom om afskeid te neem van sy sterwende vriend Johannes Calvyn.

## 8. In ballingskap

Calvyn reis na Basel, waar hy, te midde van vele ou vriende, gehoop het om rus te vind vir sy geskokte gemoed, en krag vir sy verswakte liggaam. Op weg daarheen het hy, met die oorsteek van die rivier de Aar, byna verdrink. “Maar ons het ten slotte”, skryf hy aan Viret, “die water nog barmhartiger gevind as die mense, wat ons teen alle reg en plig uitgewerp het. Die water daarenteen het, deur God se genade, so met ons gehandel dat ons geen leed oorgekom het nie.”

Calvyn het slegs drie maande van die rus geniet voordat Basel hom ’n aanbod gemaak het. Daar het toe ’n kreet uit Straatsburg gekom: “Kom oor en help ons!” Bucer verkeer daar in ’n groot moeilikheid, en net soos Farel vroeër, doen hy ook ’n dringende beroep op Calvyn. Aanvanklik het Calvyn geweier. Dog, toe Bucer hom smeek om na Straatsburg toe te kom, vertrek hy dadelik, sonder om sy sake ordelik af te handel. So was hy reeds die tweede Sondag van September 1538 in Straatsburg en hou hy daar sy eerste preek.

Die drie jaar wat Calvyn in Straatsburg deurgebring het was tot groot seën. Hier het hy die groot Hervormer geword.

In Straatsburg vind hy heelwat Franse vlugtelinge wat sonder geestelike steun moes klaarkom, omdat hulle die Duitse taal nie geken het nie. Die Magistraat het ’n kerkgebou aan hulle afgestaan, waar hy nie net Sondae gepreek het nie, maar ook elke dag van die week. Calvyn gee behalwe preke ook soms lesings by die Akademie. Weldra trek die oproep, wat van hom uitgegaan het, talle studente uit Frankryk na hom toe. Selfs geleerde manne neem hulle plekke in die banke in. Hy leef met sy studente mee, en toe hy getroud is, ontvang hy hulle ook gereeld aan huis. Farel het vir hom die raad gegee om ’n vrou te soek. Voorlopig kom hy reg met ’n huishoudster. Maar met hulle het hy dikwels probleme gehad. In Straatsburg het hy een gehad wat partykeer haar bevoegdhede oorskry het. Sy voeg sy broer Anton minder mooi woorde toe, en sy weier om dit terug te trek. Anton verlaat die huis met die versekering dat hy nooit weer sal terugkom nie, solank “daardie mens” daar bly nie. Daarna het sy ook vertrek. Die voorval het baie daartoe bygedra dat Calvyn tot ’n huwelik gekom het. Hy was nog nie te oud nie, maar pas dertig jaar. Hoe hy oor ’n vrou gedink het, beskryf hy soos volg: *“Ek behoort geensins tot die verliefde gekke, wat ter wille van ’n mooi gesiggie al die ander dinge vergeet, om aan die einde ook die gebreke van sy voorwerp te aanbid. Die enigste skoonheid wat my boei is dat ’n vrou haar sagmoedig sal gedra, kuis, beskeie, eg huislik en geduldig, en dat die sorgende liefde vir haar man vir haar die belangrikste is.”*

Só ’n vrou het die Here in Idelette van Bure, die weduwee van Johannes Storder, aan hom geskenk. Sy was oorspronklik ’n wederdoper, maar is deur Calvyn van haar dwaling bekeer.

In 1540 word die bruilof gevier. Aan Farel skryf hy: *“Iemand van julle moet hier wees om die vereniging te heilig en die seën daaroor af te smeek.”* Dit is nie bekend of Farel inderdaad daar was nie. Idelette het enkele kinders saamgebring uit haar eerste huwelik, vir wie Calvyn ’n getroue vader was. Sy het aan Calvyn drie kinders geskenk, wat al drie kort na geboorte gesterf het, tot groot verdriet van die ouers, en veral vir Calvyn. Hy was nege jaar met haar getroud. Toe sy sterf het hy geskryf: *“Ek is geskei van ’n baie uitnemende lewensgesellin. Sy was bereid om my by te staan waar die ergste my oorgekom het, nie slegs ballingskap en gebrek nie, maar sy sou ook gewillig saam met my in die dood ingaan. Tydens haar lewe was sy ’n troue hulp in die aktiwiteite*

*van my amp. Nooit wou sy, selfs in die aller-onbelangrikste, iets anders hê as wat ek wou hê nie. Sy was 'n vrou van seldsame aard, byna sonder weerga."*

Sy was minder beroemd as Catharina van Bora, die vrou van Luther, maar sy was diepsinniger en ernstiger as sy. In die dae van stryd wat sou kom was sy vir hom tot troos en steun.

Intussen het Calvyn voortgegaan om met vroeëre gemeentelede van Genève te korrespondeer. Hy kon hierdie stad nie vergeet nie. In sy briewe het hy goeie raad gegee, wat baie nodig was, want Rome het hul skerp dopgehou: Genève moes volgens Rome weer na die moederkerk toe terugkeer. Die biskop het 'n herderlike brief aan die Raad geskryf, vol vleiery, en ook vol skimptaal oor die verdrewe predikante. Calvyn skryf 'n antwoord op hierdie brief en albei hierdie briewe word saam in die stad versprei en laat die oë oopgaan. So werk die saak teen die biskop. Die volk kies 'n nuwe Raad, wat hervormingsgesind was. Daar was selfs 'n versoek vir die herstel van die vroeëre kerkorde en vir 'n afkondiging van nuwe voorskrifte vir die burgerlike lewe. Reeds in 1539 ontvang Calvyn en Farel 'n versoek om na Genève terug te keer.

Dit was nie Calvyn se bedoeling nie. Aan Farel skryf hy dan ook: *"In geen opsig sal ek aan dié versoek gehoor gee nie. Honderdmaal wil ek liewer sterf as om my aan daardie kruis te laat spyker."* Op sy advies word Viret toe beroep, en hierdie goeie man gaan daarheen.

Maar in Genève berus die mense nie in Calvyn se besluit nie. In 1540 kom daar 'n waardige afvaardiging van die Raad van Genève, met 'n herout, in Straatsburg aan, om Meester Calvyn uit Straatsburg terug te haal. Calvyn was egter op reis na Worms. So trek die afvaardiging na Worms, waar hulle hulself in die vurigste bewoording van hulle taak kwyt. Maar Calvyn willig steeds nie in nie. *"Die Kerk van Genève"* sê hy, *"sal ek nooit verlaat nie; ek soek ook nie uitvlugte of iets dergeliks vir myself nie; maar wat God se wil is, moet vir my duidelik word, sodat ek veilig en met seën my weg kan gaan."*

Aan Farel, wat by Calvyn aangedring het om in te stem, skryf hy: *"Ek het die Genèvers baie lief en tog moet ek sê: liewer oorsee, liewer ver weg oor die see, liewer wie weet waarheen as om na hulle toe te gaan."*

Dit het dus nie goed vir Genève gelyk nie. Maar in 1541 verander die saak en word die wil van God vir hom duidelik. Daartoe het 'n brief van ds. Jacob Bernardus, die mees sagsinnige onder die predikante van Genève, meegewerk. Hy skryf onder meer aan Calvyn: *"In 'n preek het ek die volk opgeroep om hulle ootmoedig in gebed tot die Here te wend, om van Hom, deur Christus, die Opperherder, so 'n herder af te smeek, wat die kerk weer sou kon oprig. Laat ek nie lieg nie: ek het nie aan u gedink nie, en vir my het ek geen hoop gehad dat ek die herder sou word nie."* Met die grootste erns het die volk toe gebid. Die volgende dag het die Raad van Tweehonderd vergader, en *almal* vra na Calvyn.

Daarna word 'n dag later die Algemene Raad saamgeroep, en Calvyn was weer die enigste naam wat gehoor is.

Dit was duidelike taal en die Straatsburgers, wat hulle nog steeds verset het, was nou gewillig om Meester Calvyn te laat gaan. So keer Calvyn, wat "vir ewig" uit Genève verban was, na slegs drie jaar na sy ou stad terug. Hy was toe twee en dertig jaar oud.

## 9. Cor mactatum in sacrificium offero (Ek bied U 'n gebroke hart as offer aan)

13 September 1541 was vir Genève 'n vreugdevolle dag. Calvyn keer permanent uit Straatsburg na Genève terug en word deur Owerheid en volk met 'n gejuig ingewag. Die mense het alreeds 'n herout hom tegemoet gestuur. Die Raad het daarvoor gesorg dat daar 'n huis met 'n tuin vir hom gereed staan.

Beza vertel: "Met soveel liefde word hy deur die arme volk ontvang, dat die mense hom nie los nie voordat hy belowe het om vir altyd te bly." Maar Calvyn was daarvan nog nie so seker nie, en die Straatsburgers hoop dat die skeiding slegs tydelik sal wees. Calvyn het aan Farel geskrywe: *"Cor mactatum in sacrificium offero",* dit is: "Ek bied U 'n gebroke hart as offer aan*"*, en dit het die simbool van Calvyn gebly: 'n uitgestrekte hand, met 'n brandende hart daarop.

In Genève weet die mense waarop die Straatsburgers hoop, en daarom vermeld die protokol, waarvolgens Calvyn weer na Genève teruggeroep word, die volgende: *"Aangesien die Straatsburgse mense die hoop uitgespreek het dat hul Meester Calvyn slegs tydelik weg was, en dat hy na hulle toe kan terugkom, word daar besluit om by hom daarop aan te dring dat hy hom nou vir goed sal vestig. Net so word besluit om sy vrou en sy huisraad te vervoer en om alles te voorsien wat nodig is."*

Die vasstelling van 'n traktement het die Raad nog enkele sweetdruppels gekos. Ten slotte word daar volgens die besluit van 24 September bepaal dat sy traktement vasgestel word op vyfhonderd guldens (vir daardie tyd 'n hoë bedrag), twaalf mud koring en twee vate wyn. Verder sit die Raad agt "zonnedaalders" opsy om vir Calvyn 'n nuwe toga te laat maak. Die mense het met skok ontdek dat die ou toga wel erg armoedig lyk.

Op versoek van Calvyn word die Pieterskerk van nuwe banke voorsien en teen een van die pilare word 'n nuwe preekstoel geplaas. Calvyn se inkomste was nou gelyk aan dié van 'n burgermeester en twee keer soveel as die ander predikante. Vir Idelette beteken dit ongekende weelde. Hulle was altyd nog betreklik arm gewees maar nou kon sy in weelde lewe. Maar dit het Calvyn en sy vrou nie gedoen nie. Die enigste wat wel toegeneem het was hulle gasvryheid. Soms was die gasvryheid groter as die inkomste.

Die eerste keer dat Calvyn optree, stroom die groot kerk vol. 'n Buitengewone Nagmaal word gevier, en 'n weeklikse boete- en biddag word ingestel.

'n Mens vra jouself af wat van Calvyn se vyande geword het. Met die vier burgermeesters, oftewel raadgewers, het dit treurig afgeloop. Hulle veral het baie hard meegewerk aan die verbanning van Calvyn. Twee van hulle het weens 'n poging tot oproer gevlug, terwyl hulle doodvonnisse reeds gevel was. Die derde het deur 'n venster ontsnap, maar word so erg deur 'n val beseer dat hy kort daarna oorlede is. Die vierde een het op 'n skavot tereg gekom en is onthoof.

Daarmee het nie alle vyandskap uit Genève verdwyn nie. Nee, daar was nóg vyandskap, en dit sou spoedig weer kop uitsteek. Selde het Calvyn so hard gewerk as in die eerste maande na sy terugkeer in Genève.

Sy wagwoord was: vryheid, orde en tug. Hy dra 'n nuwe beginsel in die Protestantisme in, nl. die verheerliking van God deur die volle heerskappy van sy Woord in die lewe van die Christendom.

By die eerste besoek wat hy aan die Raad gebring het om die here te groet, wys hy hulle daarop dat die herstel van die kerk onmoontlik sou wees sonder handhawing van God se wette. Daarom versoek hy dat 'n Raadskommissie saamgestel word wat hom behulpsaam kan wees. Daar word 'n kommissie van ses lede benoem, wat na veertien dae reeds 'n wetsvoorstel van agt en sestig artikels indien. Die Raad neem dit onmiddellik in behandeling, met die vreugde "dat elkeen nou sou weet hoe hy moet handel na die wil van God en sy geregtigheid."

Reeds op 9 November word hierdie Kerkorde deur die Raad van Tweehonderd aangeneem en op die 20ste deur die algemene volksvergadering. Daar was geen enkele stem daarteen nie! Op 2 Januarie 1542 word die wet van krag.

Die wet bevat bepalinge wat ons vandag nie graag daarin sou wou sien nie. Hou egter in gedagte dat Genève 'n losbandige stad was, en dat hierdie wette gesien moet word teen die agtergrond van daardie tyd.

Sowel die burgerlike as die kerklike lewe is deur hierdie wette gereël. Ons sal enkele aspekte noem: Mans mog geen lang hare dra nie, en vroue mog geen haarversierings aanbring nie. Die dra van 'n goue ring was alleen toelaatbaar vir gesiene vroue, en dan alleen by feestelike geleenthede.

Die wette vir die burgerlike lewe word uitgebrei en verskerp, en Calvyn word die wetgewer van die Geneefse republiek. Elkeen moes gekleed wees volgens sy stand. Die dra van kosbaarhede was verbode. Sonder toestemming van die owerheid mag geen kleremaker 'n kledingstuk maak volgens 'n nuwe mode nie. Bepalings is gemaak vir feeste en feesmaaltye. Daar is bepaal hoeveel en

watter geregte gebruik mag word. Ook is vir die mense voorgeskryf wat nie gebruik mag word nie, bv. subtropiese vrugte, wat nogal duur was. Verder word ook bepaal hoeveel gaste mag aansit en hoe lank die feeste mag duur. Bepalinge word neergelê wat dit verbied dat iemand bo sy stand lewe. Oortredinge word altyd, en soms baie swaar gestraf.

Calvyn was 'n streng wetgewer, want hy het uitgegaan van die standpunt: *"Alles wat vir die Here strafbaar is, moet in die Christelike Staat ook volgens wet strafbaar wees".*

Mens moet goed toesien dat die eer van God deur die burgerlike wet beskerm word nie, net so goed soos die veiligheid van die mense.

Volgens Calvyn moes op die volgende die doodstraf staan: *"'n tekortdoening aan die Majesteit van God; om die Bybel van sy gesag te beroof; afgodery; godslastering, om sy ouers te vloek en ontug".*

Strafbaar met die skandpaal en verbanning: *"die veragting van die Sakramente; nie-bywoning van godsdiensoefeninge; en versteuring van die Sondagsrus".*

En ligtere strawwe vir: *"die gebruik van ligsinnige taal; belastering van die naaste; lees van slegte boeke; dobbel; die sing van vuil liedere; die opvoering van onbetaamlike vertonings; ens"*.

Dat Calvyn 'n kind van sy tyd was, mag nie uit die oog verloor word nie. Niemand mag gedood word omdat hy anders as ons glo nie. Dit mag die kerk nie doen nie, en die owerheid ewemin. En tog het die kerklike en burgerlike wette van Calvyn vir eeue lank die roem in die geluk van Genève bepaal. Vreemdelinge wat die stad besoek het, het die toestand van die plaaslike bevolking geroem.

'n Duitse reisiger, wat omstreeks 1700 in Genève aangekom het, het gesê: *"Daar word in elke tempel en in elke huis die Blye boodskap reg verkondig, en daar verstom die lieflike galme van die psalms nie; bedags en snags is daar gevoude hande en biddende harte opgehef tot die lewende God. Want heimwee na die ewige Vaderland het die meeste aangegryp; die salige heimwee, waarvan die profeet gespreek en gesê het: Van harte begeer ek U in die nag, en met my gees kom ek tot U in die môrestond."*

Maar in die dae van Calvyn was dit nog nie so nie. Die burgers van Genève was nie almal bereid om hulle na die wette, wat Calvyn gegee het, te skik nie. Hy moes nog 'n hewige stryd om die vryheid van die Kerke te behou, met die Raad stry. Hy moes teen die Libertyne stry, wat nog steeds wou terugkeer na 'n egte wêreldse lewe, waarin 'n mens homself kon oorgee aan sondige vermaak; en ook moes hy teen allerlei ander ketters stry.

So bly dit vir Calvyn 'n voortdurende stryd, ondanks die vreugde waarmee hy Genève binnegelei is.

In die volgende hoofstuk sal ons een en ander daarvan vertel.

## 10. Teenkanting en stryd

Op Pinksterfees in 1543 kondig die eerste stryd hom reeds aan. Daar sou op daardie fees ook die Nagmaal gevier word, waarvan sommiges weens sensuur uitgesluit was. Onverwags meng die owerheid in hierdie saak in.

Een van hulle lede verklaar dat die Raad die reg het om die uitbanning self uit te oefen. Die kerkraad word verbied om hulle verder daarmee te bemoei. Calvyn antwoord onmiddellik dat so 'n besluit slegs uitgevoer kan word óf na sy dood óf na sy verbanning.

Saam met die ander predikante word Calvyn toegelaat tot 'n sitting van die Raad. Hy sit sy besware uiteen, en so kon hy gelukkig regkry dat die besluit teruggetrek word. Daarna hou hy 'n toespraak waarin hy nogmaals verduidelik dat daar van instemming op hierdie punt nooit sprake kan wees nie.

Hierdie gevaar was verby, maar dadelik doem daar weer 'n nuwe een op. Die Raad moes aftree. Daar ontbrand 'n felle partystryd, en die verkiesing loop uit op die benoeming van enkele nuwe lede, wat Calvyn allermins goedgesind was.

Calvyn getuig van hulle: *"Onder die skyn en die voorwendsel dat Christus moet regeer, wil hulle heers sonder Christus!"*

Gelukkig was hulle in die minderheid en die Raad bly volgsaam. Maar nou begin dit broei onder die volk. 'n Vrou het haar in die openbaar in strafbare bewoording oor Calvyn uitgelaat, dog danksy Calvyn self kry sy hiervoor geen straf nie. Maar toe 'n gesiene man hom aan dieselfde skuldig gemaak het, ondervind hy nie genoemde welwillendheid van Calvyn nie. Dié Hervormer eis teen hom die volle toepassing van die wet, tensy hy sy laster terugtrek en die eer van God ongeskonde bly.

Waarom het Calvyn nou anders opgetree as in die eerste geval? Eenvoudig omdat hy verstaan het dat dit hier nie soseer oor 'n persoonlike saak gaan nie, maar dat hy hier te doen het met 'n gees van verset teen die strewe van Calvyn, nl. die onderwerping aan God se gebooie. Dit was 'n gees wat by baie merkbaar was. Hy skryf 'n boekie met die titel: *"Teen die Libertyne"*, waarin hy ernstig waarsku teen dié gevaarlike stroming.

Kort daarna laat Sebastiaan Castellio weer eens van hom hoor. Hy begin kritiek uitoefen op die Bybel, net soos hy dit vroeër al gedoen het op die klassieke studies. Die Hooglied van Salomo noem hy bv. 'n ontugtige minnelied. Verder eis hierdie Castellio, wat 'n onderwyser was, dat hy as predikant aangestel moet word. Calvyn verset hom hierteen, hoofsaaklik vanweë die dwalinge wat hierdie man verkondig.

Toe Castellio nie sy sin kry nie, eis hy 'n openbare twisgesprek oor hul geskille. Uit versigtigheid word dit nie toegestaan nie, maar om billikheid te laat geskied kry hy verlof om sy denkbeelde uit te spreek en te verdedig voor die Raad van predikante. Dit lewer geen resultaat op nie en verbitterd verlaat hy Genève. Kort daarna keer hy weer terug en val Calvyn opnuut aan. Daarop word hy by die Raad aangekla, met die gevolg dat hy Genève opnuut verlaat. Calvyn het vir hom 'n getuigskrif gegee wat hom tot nut kon wees om 'n ander werk te kry. Dit lyk of hy daarin nie kon slaag nie. Te midde van dergelike verwikkelinge, het Calvyn ook huislike sorge.

Sy vrou Idelette begin sukkel, en ook hyself moes veel liggaamlike moeites verduur.

Ondanks hierdie probleme bly Calvyn die stryd vir hervorming onverminderd voortsit. Dit was nie alleen sake wat die gemeente van Genève raak nie, ook ver daar buite word hy by allerhande kwessies betrek.

Die eerste geskil ontstaan met Margaretha van Navarre, wat geluister het na die mooi praatjies van die Libertyne. In die geskrif wat Calvyn uitgegee het: *"Teen die Libertyne"*, het hy twee van haar vriende, Quintius en Pocquet, goed die waarheid vertel, waardeur sy beledig gevoel het. Dit het gelyk of sy na die party van die Libertyne sou oorgaan. Daarop skryf Calvyn vir haar 'n kwaai brief, waarin ondermeer hierdie sinsnede voorkom: *"'n Hond grom as hy sien dat iemand sy meester te na kom. Wat 'n lafaard sou ek wees as ek sou stilbly en nie my stem verhef nie, wanneer die Waarheid van God op so 'n manier aangetas word?"*

Oor die uitwerking van hierdie brief bestaan daar geen sekerheid nie. Maar kort daarna, in 1546, breek in Genève 'n stryd los om lewe en dood. Aanleiding daartoe was die vrou van 'n gesiene man, met die naam Ameaux.

Sy was veroordeel tot gevangenisstraf en haar huwelik is ontbind. Maar toe begin Ameaux gal braak teen die predikers. *"Calvyn is 'n ellendeling,"* so het hy gesê, *"deur God vervloek; sewe jaar lank gaan hy met sy makkers voort om 'n valse leer te verkondig. Hy (Ameaux) en sy vriende het van beter geweet, en hulle wil die bewyse daarvoor ook lewer. Die huigelaars laat die kinders nie Latyn leer nie, sodat hulle nie hul dwaling sal agterkom nie. Calvyn wil homself 'n biskop maak en die owerheid aan hom onderwerp: die bewyse lê gereed en ons sal dit spoedig aan die lig bring!"*

Die kerkraad wou streng teen Ameaux optree, maar sy talryke vriende het dit reggekry om hom tot lid van die Raad van Genève te laat verkies. Daarom probeer daardie Raad om die saak te ontlont,

maar daarvan wil Calvyn niks hoor nie. Hy verklaar ronduit: *"As julle hierdie man nie skuldig bevind aan laster nie, wel dan het ons vir sewe jaar lank leuens verkondig en is ons daarom self strafbaar."* Hy eis 'n ondersoek na hierdie saak, en aangesien die Raad begryp dat hy te ver gegaan het, vernietig hulle die benoeming van Ameaux tot raadslid en word hy selfs veroordeel weens laster.

Nouliks was hierdie storm verby of daar steek 'n ander een op.

Calvyn het op die preekstoel uitgevaar teen 'n onwelvoeglike toneelstuk wat die mense wou opvoer. Daaroor was baie mense erg verbitterd, en hulle sou hom van die preekstoel afgesleep het, as sy vriende dit nie belet het nie. Toe die mense hom nie op hierdie manier kon tref nie, eis die mense van die Raad dat hy streng gestraf sal word en dat die toneelstuk tog wel opgevoer sal word. Gelukkig het die Raad nie toegegee nie.

Onmiddellik daarna is 'n proses aanhangig gemaak teen Perrin en sy skoonvader Favre, twee Libertyne wat alles in die werk gestel het om die "Franse dwingelandy" onskadelik te maak. Teen hierdie vername here wil die Raad optree deur middel van die reg.

Dog nou kom Calvyn in verset. *"Ek gloei van woede"*, skryf hy, *"en wetende dat hulle die spot dryf met ons heilige eedswering, kon ek nie anders as om God tot getuie aan te roep nie. Tegelyk verklaar ek dat die Waarheid sal seëvier, al moet my kop rol!"*

Die Raad het uitspraak gedoen. Maar toe verander die verbittering in woede.

*"Ek glo geen woord wat hy gespreek het nie!"* roep Favre uit. *"Wie hom nog groet, ag ek net soveel as 'n hond. Dit is hy wat die wat vry is, onder die slawejuk gebring het, wat hulle wou dwing om hulle sonde te bely en voor hom op hulle knieë te val." "Ellendeling!"* skreeu die dogter van Favre Calvyn toe. *"Jy wil Favre ten gronde rig en ons bloed wil jy drink, maar reken daarop: jy gaan nog vóór ons Genève verlaat."*

Heel ernstig antwoord Calvyn daarop: *"U onbeskaamdheid sal die Kerkraad nie verhinder om sy plig na te kom nie. U huis, sowel as dié van elke ander persoon, is aan die wet onderworpe, al oortree hulle die wet waar moontlik. Wanneer jy jou nie deur die juk van Christus wil laat regeer nie, mag jy 'n nuwe stad bou, maar solank as wat jy in Genève woon, moet jy jou skik na die verordeninge van Genève. Want al was daar in die huis van Favre net soveel vorste as rasende koppe, sou dit tog nie verhinder dat God die Here bly nie!"*

In die voorjaar van 1547 breek die storm teen Calvyn opnuut los. Op 'n sekere dag vind hy op die kansel 'n brief waarin hy met die dood gedreig word.

*"Die dwingelandy het nou lank genoeg geduur,"* so staan daar, *"en wat is julle (die predikante) dan anders as afvallige monnike, met wie 'n mens slegs in geval van nood 'n regsgeding hou?"*

'n Ondersoek het uitgewys dat 'n sekere Gruet die skrywer was. By hom is die begin van 'n formele sameswering teen die bestaande orde ontdek. Hul het selfs so ver gegaan om die hulp van Savoye in te roep, waardeur hul selfs die vryheid van die land wil opoffer en inruil vir die vryheid om te sondig. In verskillende smeerpamflette word die heiligheid van God onteer, soos dit geblyk het.

Gruet word skuldig bevind aan hoogverraad, verset teen die orde en veragting van die godsdiens. Hy sterf op 'n skavot.

Drie dae na die voltrekking van die vonnis ontvang die Raad 'n berig dat meer as twintig jeugdiges hulle daartoe verbind het om Calvyn en sy kollegas te vermoor.

Calvyn skryf self oor hierdie saak: *"Die gemor en die ontevredenheid, veral onder die jeug, is nie gering nie. Hier en daar braak die gif wat in hulle gemoed opgehoop het, teen ons uit. Maar dit alles is ten slotte nog maar net 'n rokie. Hulle het by ons meer moed en vasberadenheid gevind, as wat hulle gehoop het. So is al hul dreigemente niks anders nie as net 'n geskreeu van die opgeblase Moab, vir wie niemand bang is nie. Dit sal my trouens nie verbaas as dit nog erger word nie. Heeltemal iets anders as wat God beveel het, is eenkeer teen Moses en die profete onderneem, ofskoon hulle oor die volk van God gestel was. Sulke beproewinge is heilsaam vir ons.*

*Smeek net die Here vir ons, dat sy genade nie van ons sal wyk nie en dat ons deur Sy krag die gehoorsaamheid aan Hom hoër sal ag as ons eie lewe."*

Spoedig blyk dat Calvyn dit opreg bedoel het. Op 'n sekere dag wend hy hom saam met sy kollegas na die Raad, om van hulle 'n strenger handhawing van die wet te vra.

'n Woeste bende storm op die predikante af en begroet hulle met 'n oorverdowende geskreeu. Calvyn tree vorentoe om te wys hoe min hy die dood vrees. Die mense stamp hom van die eenkant na die anderkant, en begeer om hom te vermoor.

Hy berei hom dan ook daarop voor en roep dat hy juis gekom het om sy lewe te gee. Hy vra hul nadruklik om met hom te begin, as hulle van plan was om die predikante te vermoor.

Deur hierdie dapper optrede van Calvyn, sink hulle moed en niemand waag dit om 'n hand na hom toe uit te steek nie. Calvyn verskyn as hoof van die kollegas voor die Raad.

Daar was dit egter nie veel beter nie. Hulle het selfs swaarde getrek. Beza, die lewensbeskrywer van Calvyn, skryf later hieroor: *"As hy nie letterlik sy hoof tussen die ontblote swaarde geplaas het nie, sou 'n vreeslike bloedbad onvermydelik gewees het."*

En Stähelin vertel hieroor verder: *"Eindelik het hy dit reggekry om deur sy smekinge die rus effens te herstel. In 'n lang, ernstige en kragtige toespraak, sê hy waaroor hy wil kla en en wat hy wil vra. Dit lyk asof die onbeteuelde uiting van hartstog en haat langsamerhand tot bedaring kom terwyl hy praat. Die hartlike liefde en troue sorg vir die stad wat uit sy woorde blyk; die herinnering aan die tyd wat op sy verbanning gevolg het en die herinnering aan die gelukkige sonnige dae van sy terugkeer; die gedagte aan die nabye verlede se herstelde orde en tug, dit alles het kalmerend op die gemoedere ingewerk, en het die hoorders tot vreedsaamheid gestem. Van verskillende kante af roep die mense hom toe, dat niemand hom wil verdryf of leed aandoen nie. Die mense wens alleen dat die stryd gestaak word en dat die eendrag herstel word. Daar word voorgestel om al die gebeure van beide kante te vergewe en te vergeet. Hierdie voorstel word onmiddellik aanvaar.*

*Die predikante pleeg vir 'n kort tydjie oorleg met mekaar oor die vraag of dit hulle geoorloof is om hierop in te gaan. Met die oog op die naderende viering van die Heilige Nagmaal, wat alleen waardig en met seën gevier kan word as daar vrede in die harte heers, besluit hulle om ook te vergewe omdat die reg beslis aan hulle kant is.*

*Vol blydskap oor hierdie afloop, besluit die Raad om as blyk van tevredenheid, aan Calvyn 'n geskenk aan te bied en sy traktement te verhoog. Hy wys egter albei van die hand, omdat hy dit nie nodig het nie, en versoek "dat die beoogde geld onder sy kollegas verdeel sal word, aangesien hulle dit meer nodig het."*

So eindig die eerste deel van die stryd tussen die gees van die Libertyne en die hervormingsgedagte van Calvyn. Vir 'n kort tydjie keer die rus terug in die kerk van die Reformasie en in Genève. Dog die vrees bly in die hart van Calvyn lewe dat, soos wat hy dit self uitdruk, *"sy invloed in hierdie stad verlore sou wees."*

Ons het hierdie struweling vertel, omdat die gedagte so maklik kan posvat dat alles glad verloop het in die lewe van Calvyn te Genève. Niks is verder van die waarheid af nie.

Calvyn se woon en werk in Genève was 'n deurlopende stryd. In dié stryd het hy God sy dank nie tou opgegooi nie, maar het hy moedig volgehou tot die einde toe, en juis deur die volharding kon hy die groot Hervormer word wat hy was.

In die volgende hoofstuk vertel ons meer oor 'n fase uit die voortdurende stryd wat Calvyn te Genève moes voer, ter wille van die handhawing van die Reformatoriese beginsels.

## 11. 'n Aangrypende nagmaal

Die rustigheid het dus teruggekeer, dog dit was net 'n uitwendige rustigheid. Die ou haat tree weer na vore, en toon nou en dan sy lelike gesig. Die mense 'verbaster' Calvyn se naam tot Kain, en

noem hul honde Calvyn. Die Libertyne kon hom nie ongehinderd oor die straat laat gaan nie. Hulle fluit vir hom en sê hom sleg en vloek hom. Dit alles het Calvyn verdra. Persoonlike beledigings pla hom hoegenaamd nie. Maar amper ŉ jaar later moes Calvyn by die Raad gaan kla oor die gedrag van Perrin en enkele ander burgers, wat hulle moedswillig aan die Nagmaal onttrek het. Hy wil hulle nog eens ernstig tot versoening aanspoor, sodat die Heilige Nagmaal nie deur vyandskap en wrok ontheilig sou word nie.

Die Raad bedank hom vir sy goeie bedoelinge, maar die Libertyne het in die geheim handig geknoei en gekonkel, dat Perrin ŉ maand later tot eerste burgermeester benoem word en die Raad totaal van gedagte verander.

Filibert Berthelier het daarvan geweet.

Berthelier was die seun van ŉ martelaar, wat in 1521 vir sy vaderland gesterf het. Hy gebruik sy bevoorregte posisie om die kerkraad, wat hom voor hulle gedaag het, op ŉ gemene wyse te beskinder.

Weens verskillende ergerlike dade, wat hy enkele dae voor die Nagmaal in September gepleeg het, word hy onder sensuur geplaas, en Berthelier beroep hom op die Raad. In die Raad voer die vriende van Berthelier en Perrin tans die hoogste woord. Die verbanning steek hulle dwars in die krop. Hulle bekommer hulle persoonlik min oor die Nagmaal, maar hulle wil graag hierdie geleentheid aangryp om oor die kerk te triomfeer. Hulle vernietig die sensuur wat oor Berthelier uitgespreek is, en sonder om vooraf oorleg te pleeg met die kerkraad, bepaal hulle dat Barthelier by die eerskomende Nagmaal mag aansit. Veral Perrin het tot hierdie besluit meegewerk en hy het daarby, volgens Beza, ŉ tweërlei afloop van die saak beoog.

Een van twee: Calvyn hou hom nie by die besluit van die Raad nie, wat dit vir hulle maklik maak om hom in die verderf te stort, aangesien hy dan van hoogverraad beskuldig kon word. Of, as tweede moontlikheid, hou hy hom by die uitspraak van die Raad, wat dan die aansien van die Kerkraad sal vernietig en so die hindernis, wat hulle boosheid nog gekeer het, wegneem.

Calvyn het die valstrik, wat dié mense vir hom gestel het, raakgesien. Hy neem onmiddellik posisie in. Hy wil liewer sterf as wat hy aan Berthelier toestemming sou gee om die Heilige Nagmaal saam te vier.

Onmiddellik toe Calvyn die besluit van die Raad verneem het, het hy daarheen gegaan en dit vir die here uiteengesit dat die ingeslane weg tot verderf moet lei. Met ŉ luide stem roep hy: “God en sy heilige engele tot getuies aan dat hy eerder die dood sou ingaan as om so skaamteloos die Nagmaal van die Here te laat ontheilig. Want wat sou hierdie goddelose man aan die heilige tafel van die Verlosser anders wees as, om so te sê, ŉ vlag wat daar geplant is as teken van die nederlaag van die heiligdom en tot uitlokking van al wat sleg en verderflik is?”

Die Raad hou voet by stuk, maar versoek tog vir Barthelier om hierdie keer nog weg te bly. Dog op Saterdagaand loop ŉ gerug deur die stad, dat die Libertyne met geweld toegang tot die Nagmaal sou eis.

Sondagmôre begin die klokke te lui. Die grote Pieterskerk word stampvol, waaronder ook Berthelier. Nou stap die Burgemeester binne, en daarna die Raad en twaalf manne van die gewapende lyfwag in die stadskleure, nl. grys en swart. Soos elke Sondag neem elkeen sy vaste plek in.

Die predikante en die ouderlinge sit in die kerkraadsbanke, stil en ernstig. Hulle was vasbeslote om liewer die uiterste geweld te verduur, as om die plig van hul amp prys te gee.

Calvyn klim op die kansel. Hy kyk oor die skare, wat die gebou stampvol sit. Onder die kansel staan die Nagmaalstafel en daar ver by ŉ pilaar ontdek hy, in die midde van ŉ groep Libertyne, die onbeskaamde gesig van Berthelier. Hulle het blykbaar gekom om saam die Nagmaal te vier.

Calvyn swyg; die laaste bloeddruppel het uit sy gesig verdwyn.

Aan die preek wat Calvyn soos gewoonlik eerste gelewer het, was niks ongewoon nie. Afgemete en verstandig sit hy die voorwaardes, wat alleen die reg tot die gebruik van die brood en wyn gee, uiteen.

Dan kom hy aan die einde van sy toespraak. Met skerp deurdringende woorde skets hy aan die ander kant wat die smaad en ontering van die Heilige Nagmaal beteken. En dan sluit hy af met hierdie woorde : *"Wat nou myself betref, so moet julle dit verseker weet, dat die Here God aan my 'n standvastige moed gegee het, wat ek van Sy genade afgebid het. Solank ek hier is sal ek daarvan gebruik maak, wat ook al gebeur. Vir my houding geld geen ander reël nie as dié van my Meester. Wat Hy vir my voorskryf is vir my duidelik en helder. Chrysostomus het ons al geleer om liewer te sterf as om die heilige tekens uit te deel aan dié wat die gemeenskap aan die liggaam van Christus onwaardig is. Welaan dan, wanneer iemand dan tot hierdie dis wil nader, wat deur die kerkraad daartoe belet is, dié verklaar ek hiermee vooraf, op my lewe, dat ek my sal vertoon soos dit moet en soos dit beveel is."*

Daarna klim Calvyn van die kansel af en beweeg na die tafel toe, en seën die brood en die wyn. Hy rig 'n uitnodiging tot toetrede tot die dis van die Verbond....

Toe staan die Libertyne op, verlaat hulle sitplekke en nader tot die Heilige Dis.

Dit was 'n benoude oomblik.

Calvyn staan daar agter die tafel asof uit graniet gemaak.

Hy strek sy maer en bleek hande uit oor die brood en die wyn. Met sy oë vlammend en met forse stem roep hy: *"Hierdie hande kan julle afkap; hierdie ledemate vermorsel; hier is my bloed – vergiet dit! Maar julle sal my nooit dwing om dit wat heilig is aan die goddelose te gee nie!"* Hierdie woorde het op die menigte in die stampvol Pieterskerk 'n moeilik beskryfbare indruk gemaak. Op die gesigte lees mens vrees, verwondering en verrassing, terwyl almal ademloos toekyk. Meer as anders voel hulle tans die teenwoordigheid van die Here op hierdie heilige plek. Perrini, die erkende vyand van Calvyn, het onrustig geraak by die aanhoor van hierdie plegtige verklaring.

Die Libertyne aarsel. Hulle kyk na die hande wat nog steeds oor die heilige tekens uitgestrek is, en dan aarsel hulle. Is dit die ontsagwekkende houding van die kneg van die Here, of die dreigende gemompel van die kerkgangers wat hulle laat aarsel?

Eers bly hulle nog staan, en dan verlaat hulle die kerkgebou saam met Berthelier.

Nooit is daar in die Pieterskerk van Genève 'n aangrypender Nagmaal gevier as op daardie eerste Sondag van September 1553 nie.

In die middag gaan Calvyn weer voor.

Dit staan by hom vas dat hy elke oomblik die berig van sy verbanning kon verwag. Daarom wil hy 'n afskeidstoespraak hou. Hy het die teks gekies uit Handelinge 20 vers 32a: *"En nou dra ek u op aan die Here en die Woord van Sy genade."*

Hy het die woorde van die apostel op sy eie posisie toegepas en gesê: *"U weet hoe ek onder U gelewe het, en vergeet tog nie, hoe ek drie jaar lank nie opgehou het om dag en nag, elkeen van julle onder trane ernstig te vermaan nie.*

*Nou vertrou ek u verder aan God toe...*

*Julle weet goed dat ek nie iemand is wat my teen die owerheid wil verset of ander tot ongehoorsaamheid sou wil bring nie.*

*Ek mag u daarom gerus oproep om in alles by die leer te bly, wat ek aan julle verkondig het. Ek is nog steeds bereid om die kerk in die algemeen, en elkeen van julle in die besonder, met raad en onderrig te dien. Maar die sake staan op hierdie oomblik so, dat ek tans moontlik vir die laaste keer op hierdie preekstoel staan, om aan u die Woord van God te verkondig. Hulle wat die wêreldlike mag in hulle hande het, wil my dwing om iets te doen wat ek voor God nie sou kon verantwoord*

*nie. Ek wil daarom met dieselfde woorde van u afskeid neem, wat Paulus by sy vertrek uit Efese tot daardie gemeente gerig het. En nou broeders, ek dra u op aan die Here en die Woord van Sy genade."*

Die volgende dag verskyn Calvyn, in geselskap van sy kollegas en die ouderlinge voor die Raad. Hy rig daar 'n versoek of sy saak voor die Hoof Raad gebring mag word, omdat dit in hierdie geval 'n verbreking is van die kerkorde, wat indertyd deur die Hoof Raad goedgekeur en bevestig is. Hy dring aan op 'n duidelike antwoord. As dit uitbly, dan sou Calvyn hom verplig voel om sy amp neer te lê. Die Raad belowe om binne drie dae 'n beslissing te neem, en versoek Calvyn om intussen sy werk te bly voortsit. Op 17 September preek Calvyn weer. Die saak word egter hangende gehou en word van dag tot dag uitgestel, omdat die Raad advies gevra het van die Switserse Kantons.

Die gedagte, dat hy binnekort vir die tweede keer sy geliefde gemeente moet verlaat, was vir Calvyn uiters pynlik. As hy verban word, dan ontstaan daar 'n toestand wat alles omvergooi wat hy tot nou toe met soveel sorg opgebou het.

In 'n oomblik van swakte sê hy: *"Wat kan ons tog anders doen as om te volhard met die troue vervulling van ons pligte, onder die leiding van die Goddelike Voorsienigheid?"*

Daagliks dreig daar nog nuwe storms. Een daarvan hou verband met die ou dominee Farel. Ten tye van die proses teen Servet, was hy in Genève en enkele dae later verskyn hy weer daar. Hy het toe gekom om sy aandeel te lewer in die stryd teen die Libertyne.

Genève lê hom nog steeds na aan die hart en hy beskou die gemeente daar in sekere sin nog altyd as syne. Hy klim dan ook op die kansel met die beste bedoelings en praat met die vuur van opregte verontwaardiging. Maar in die vurigheid van sy toespraak maak hy enkele uitsprake, wat die Libertyne as 'n belediging opvat.

Daarop dien hulle 'n aanklag teen Farel in, en so word Farel opgeroep om homself teen hulle te verdedig.

Die eerbiedwaardige grysaard, wat kort gelede op die rand van die graf gestaan het, kom op 'n stormagtige Novemberdag alleen vanaf Neuchatel in Genève aan.

Dit was sy bedoeling om 'n preek te hou, maar hy is deur enkele heethoofde belet. Hulle bring die hele stad teen hom in beroering, en word daar selfs krete gehoor van: "Weg met hom! Gooi hom in die Rhône!"

Op hierdie gevaarlike oomblik is daar 'n moedige jong man wat na Perrini toe loop om hom ernstig te waarsku. Hy eis dat hy (Perrini) sal sorg dat Farel, wat hy die eerwaarde vader van die stad noem, niks kwaads oorkom nie.

Die jongman ontvang dadelik baie aanklank en die volk begin dreigend rond om die stadshuis loop, waar die saak van Farel op daardie oomblik behandel word.

Die predikante wat die saak bywoon, waarsku die Raad dat hul die ergste vrees as daar nie vinnig 'n einde aan die spanning gemaak word nie. Die aanklaers het begryp dat hulle nie op die volk kan reken nie, en begin terugkrabbel en spreek versoenende woorde uit.

Buite word dit hoe langer hoe rumoeriger. Calvyn, Viret en ander verdedig intussen vir Farel voor die Raad.

Farel self lewer 'n lang toespraak, waarin hy betoog dat dit volstrek nie sy bedoeling was om die stad Genève te beledig nie.

Die volk het intussen die deur van die vergadersaal bereik. Uit een mond roep hulle dat Farel 'n getroue Evangeliedienaar is en dat hulle hom almal as hul geestelike vader vereer.

Toe beveel die Raad dat Farel se aanklaers hom die hand moet reik. Hy eis selfs dat die eerste burgemeester, Perrini, 'n verklaring sal aflê, waarin hy sê dat die preek van Farel onberispelik was. Dit gebeur toe so, en daarna word daar 'n versoeningsmaaltyd gehou.

Vir Farel loop hierdie saak dus heel gunstig af. Intussen het die antwoorde ingekom van die Switserse stede, in verband met die verbanning.

Zürich skryf dat daar in die Switserse Kantons geen verbannings plaasvind nie, maar is van mening dat Genève haar kerklike gebruike moet handhaaf.

Deur hierdie antwoorde neem die verbittering van die Libertyne nog daagliks toe. Mense kan nie eers meer oor die straat stap sonder om beledig te word nie.

Dit word vir vlugtelinge uit Frankryk, wat op Calvyn se aanrading na Genève toe die wyk geneem het, by die dag al moeiliker. Hulle het gehoop om in Genève rus en vrede te vind, maar hulle het saam met Calvyn daagliks al hoe meer gely onder die oormoed van die Libertyne.

Daar was ŉ onversetlike karakter soos dié van Calvyn nodig om nie te beswyk in die ongelyke stryd wat onophoudelik gevoer moes word teen ondeug en ongodsdienstigheid nie. Op 2 Februarie 1554 neem die Raad uiteindelik ŉ besluit, wat hopelik verdere kwaad sal voorkom.

Alle burgers moet onder eed betuig dat hulle onderling alle vyandskap sou aflê en dat hulle voortaan die instellinge van die Reformasie getrou sal nalewe.

So ernstig was hierdie eed, dat hulle daarby God se wraak aanroep oor diegene wat die afgelegde eed nie sal hou nie, selfs ook oor vroue en kinders en al hulle besittings. Tog word die kerklike tug hiermee nie in haar oorspronklike krag herstel nie.

Calvyn betuig daarom voor die Raad, dat hy almal wil vergewe wat berou toon oor hulle vroeëre gedrag, maar dat hy nietemin op die handhawing van die kerklike tug moes bly aandring. Hy verstaan baie goed dat van so ŉ opgelegde versoening nie veel heil te wagte kon wees nie. Spoedig word hy in die gelyk gestel.

Minder as ŉ jaar later trek daar ŉ groep uitgelate en baldadige jongmense in ŉ optog deur die stad. Hulle doel was om *"die kerkraad iets te gee om te doen"*. Hulle dra fakkels terwyl hulle ŉ psalm sing, wat hulle op ŉ ergerlike wyse spottend naboots. Die polisie het gou ŉ einde hieraan gemaak.

Daar versprei toe ŉ gerug dat die Koning van Frankryk ŉ bevel uitgereik het om die stad Genève te oorrompel.

Dit was ŉ skandelike versinsel van die Libertyne om haat te wek teen die Franse vlugtelinge en teen Calvyn, wat immers ook ŉ Fransman was.

Dit het ŉ vreeslike verwarring teweeggebring. Perrini, die aanstoker, het snags met ŉ bende woestelinge deur die stad getrek, wat elkeen uitroep: *"Slaan dood, slaan dood, die Franse neem die stad oor"*. Die bedoeling was dat elke Fransman wat hom op straat begeef gedood sal word. Maar niemand verskyn op straat nie en Calvyn sê: *"Die Here het ŉ diepe slaap oor hulle gebring."*

Hierdie oproer van die Libertyne beteken ten slotte die einde van hulle invloed in Genève. Die aanstigters word gestraf, vir sover hul nie gevlug het nie. So het dié gedugte party uiteindelik tot ŉ val gekom, ŉ party wat vir Calvyn al vir agtien jaar lank teengegaan en sy lewe verbitter het.

Wat heel merkwaardig is, is dat die mense agteraf die skuld vir die hele affêre aan Calvyn toegedig het.

## 12. Calvyn en Servet

*ŉ Hond blaf as hy sien dat mense sy meester te na kom: wat ŉ lafaard sou ek wees as ek stilbly en my stem nie verhef wanneer die waarheid van God aangetas word nie?*

Johannes Calvyn

Die legende dat dit Calvyn was wat Servet laat verbrand het, bly hardnekkig voortbestaan, alhoewel dit herhaaldelik op goeie gronde weerlê is, onder meer deur Prof. P.A. Diepenhorst op die bondsdag van die G.J.B. ('n Gereformeerde Jeugorganisasie) in 1909.

Dis daarom wenslik om in hierdie geskrif ŉ afsonderlike hoofstuk hieraan te wy. In een van die donkerste ure van sy lewe, toe hy hom by ŉ vriend te Angoulême moes skuilhou teen sy vervolgers, het Calvyn sy lewe gewaag om ŉ sekere Servet te red.

Michael Servet, ŉ Spaanse medikus, is gebore in dieselfde jaar as Calvyn, dus in 1509. Hy bevind hom toe in Parys. Sy vader was ŉ Spanjaard en sy moeder van Franse afkoms. Die familie was afkomstig uit Villeneuve. In 1530 woon hy die Ryksdag te Augsburg by, waar hy vele gesprekke gevoer het met Lutherse godgeleerdes.

Servet was ŉ verwoede teenstander van die leer van die Drie-eenheid. In 1531 publiseer hy ŉ boek daaroor, wat ŉ storm van verontwaardiging ontketen, sowel in die Roomse as in die Reformatoriese wêreld.

In hierdie boek skryf hy ondermeer oor God en Sy engele: *"As die engele ŉ eselsvel sou aantrek, dan sou die mens ook moes toegee dat die engele esels is, dat die engele in die eselsvel sal sterwe, dat die engele viervoetige diere is en dat die engele lang ore het. Volgens dieselfde logika sou mens dan moes toegee dat God self ŉ esel is en die Heilige Gees gesterf het toe die muilesel gesterf het."*

Die boek van Servet is vol met dergelike goddelose onsin.

Na aanleiding van dié boek wou Calvyn in 1534 ŉ gesprek met Servet hê. Calvyn se bedoeling was om die dokter van sy dwalings te oortuig. Die plek en tyd word afgespreek.

Met gevaar vir eie lewe gaan Calvyn na Parys, maar Servet daag nie op nie.

Dit sou twintig jaar duur voordat Calvyn weer met Servet in aanraking sou kom. In die jaar 1534 verlaat Servet Parys en vier jaar later vestig hy hom as arts te Vienne. Hy leef onder die skuilnaam Villeneuve. Hoewel Servet ŉ groot geleerde was (regsgeleerde, geneeskundige, sterrekundige), het hy niks van die waarheid van God verstaan nie, en verkondig hy afskuwelike dwalinge, wat destyds in ŉ Christelike samelewing nie geduld is nie.

Te Vienne begin hy ŉ boek skryf wat "Christianismi Restitutio" as titel sou kry.

Hierin beskryf hy al sy dwalinge en godslasterlike denkbeelde. Terwyl hy hiermee besig was, tree hy in korrespondensie met Calvyn. Calvyn was dankbaar vir die geleentheid om hierdie man op die goeie pad te bring, en stuur hy aan hom ŉ eksemplaar van sy "Institusie".

Hierdie boek stuur Servet aan Calvyn terug voorsien van allerlei haatlike opmerkings. Servet het die onbeskaamdheid en onversigtigheid gehad om aan Calvyn ŉ afskrif te stuur van ŉ deel van sy nuwe werk as teenprestasie.

Na ontvangs van die manuskrip beëindig Calvyn alle korrespondensie met Servet.

Calvyn skryf aan Farel: *"Servet het onlangs aan my geskryf, en by sy brief ŉ dik boek met sy dwase dromerye gevoeg en my met ŉ merkwaardige vrymoedigheid daarop gewys dat ek daarin wonderlike en ongehoorde dinge sal vind. Hy bied ook aan om hierheen te kom, as ek dit goed vind, maar ek wou hom my woord nie gee nie, want indien hy kom, sou ek dit nooit duld dat hy lewend vertrek nie, vir sover ek iets in hierdie stad te sê het."*

Nog voordat hy sy nuwe boek geskryf het, is Servet reeds gevang en te Basel veroordeel. Hy herroep sy dwalinge en kom vry.

Kort na die verskyning van die boek word hy op bevel van Kardinaal Fournou van Lyon gevang omdat hul vermoed dat hy die skrywer is. Die vermoede word sekerheid toe hulle die afskrif wat Calvyn besit het, in die hande gekry het. Het Calvyn dan vir Servet in die hande van die Inkwisisie laat beland, soos beweer word?

Daarvan is daar geen sprake nie.

Maar agter in die boek is daar briewe wat aan Calvyn gerig was. Dit is dus te verstane dat die mense in dié rigting sou gaan soek. En so word dit bekend dat Calvyn ŉ deel van die manuskrip in sy besit het.

Guillaume de Trie, 'n vlugteling uit Lyon en 'n vriend van Calvyn, onderhou 'n briefwisseling met sy Roomse neef Anton Arneys, waardeur dit bekend word dat Villeneuve die skuilnaam van Servet was. Trie het die geskrif by Calvyn gekry. Toe hy dit na Lyon toe stuur, skryf hy daarby: *"Ek het baie moeite ervaar om dit uit Calvyn se hande te kry. Ook wil die Hervormer dat dergelike vervloekte laster onderdruk sal word. Maar dit kom vir hom voor dat hy die plig het om veel eerder deur die leer, as om deur dergelike middele, dit te weerlê, omdat hy immers nie die swaard van geregtigheid dra nie. Ek het dit vir hom heel moeilik gemaak, en ernstig by hom aangedring, aangesien ek hom laat weet het dat ek van ligsinnigheid beskuldig sou word as hy my nie help nie, sodat hy uiteindelik toegegee het."*

Servet sweer voor die regter dat hy nie die outeur was nie, en gee die versekering dat hy 'n goeie Roomse sal wees. Dit red hom egter nie. Hy word (deur die Roomse!) veroordeel tot die brandstapel, maar hy slaag daarin om te ontvlug.

Sy doel was om na Italië uit te wyk. Hierdie reis onderneem hy via Genève. Dit was dwaas van hom om juis hierdie stad aan te doen. Maar daar het hy baie vriende onder die Libertyne en hy hoop om met hulle hulp vir Calvyn teen te gaan. Daar is ook beweer dat hy 'n onweerstaanbare begeerte gehad het om Calvyn te hoor preek. Hoe dit ook al sy, toe hy Genève wou verlaat, word hy met die medewerking van Calvyn, gevange geneem.

Die Raad van Genève versoek Calvyn om die verhoor te lei. Laasgenoemde stel 38 artikels op, waaruit die skuld van die aangeklaagde blyk. Servet, wat waarskynlik gemeen het dat hy hier ietwat vrymoediger kon wees, ontken dit is sy boek en sy afwykende leerstellinge. Dat hy skuldig sou wees aan godslastering, wys hy ten sterkste af. Graag sou hy wou terugtrek wat die mense as godslastering in sy geskrifte kon aanwys... Maar toe dit daarop aankom, blyk al die beskuldigings waar te wees.

Tydens die verhoor het Calvyn alles in sy vermoë gedoen om Servet van sy dwalinge te bekeer. Hoewel Servet op die mees onbeleefde en ruwe manier teenoor Calvyn opgetree het, het Calvyn, met onuitputlike geduld die man geantwoord. Selfs wanneer hy God-onterende taal gebruik, het Calvyn hom op die goddeloosheid daarvan gewys. Wanneer Servet vir Calvyn uitskel, swyg die Hervormer. Maar vir die waarheid van God het Calvyn geveg soos 'n leeu. Hy bereik egter nie die gewenste resultaat nie. Servet bly volhard in sy goddelose kettery. Daarmee was Calvyn se taak afgehandel. Die Raad sou die proses nou verder moes voer.

Servet ontvang ruim tyd om sy verdediging op skrif te stel. Dit het vir 'n oomblik gelyk of hy berou het, wat 'n kans op vrylating kon beteken. Maar toe bederf die Libertyne die saak. Sommige van hulle het die geleentheid gekry om met Servet in die gevangenis te praat. Dit het 'n groot verandering by hom teweeggebring.

Van aangeklaagde verander hy skielik in 'n aanklaer. Van berou en herroeping was daar geen sprake meer nie. Die hele inrigting van kerk en staat in Genève word deur hom aangeval, en daar was Calvyn die groot sondaar.

'n Klein aanhaling uit sy verantwoording maak dit duidelik watter gees hierdie man besiel het. Hy skryf onder meer aan Calvyn: *"'n Dienaar van die kerk* ***wil*** *jy wees, maar 'n gruwelike aanklaer en moordenaar* ***is*** *jy. Hoe lank sal jy nog voortgaan, erbarmlike skepsel, om sake te verdoem waarvan jy niks verstaan nie? Skaam jy jou nie om soveel woorde te gebruik en tog geen gronde aan te voer nie? Jy het 'n verstand wat niks van die waarheid kan verstaan nie, ellendeling! Jy ken nie die grond van die dinge nie! Bedrieg deur die ou towenaars (kerkvaders) wil jy ons tot hout en steen maak! .... Jy lieg! Jy lieg! Gemene ellendige skurk!"*

Op hierdie wyse het Servet homself verdedig.

Natuurlik kon dit nie anders nie as misluk.

'n Klein deeltjie van die Raad was ten gunste van verbanning, wat eintlik dieselfde is as vrylating. Die groot meerderheid was egter ten gunste van die doodstraf, en wel die vuurdood.

Dit was nie na Calvyn se sin nie! Dit wat professor Harnack hieroor skryf, nl. *"Calvyn het Servet laat verbrand!"*, is nie die waarheid nie. Calvyn het juis alles wat hy kon gedoen om die vonnis te verander. Later skryf Calvyn dan ook: *"Môre sal Servet sy vonnis ondergaan. Ons het alles in ons vermoë gedoen om die wyse van doodstraf te verander."*

Die predikante het daarby Calvyn se kant gekies, maar dit het niks gehelp nie. Die Raad volhard by hul uitgespreekte vonnis. Tot die laaste toe het Calvyn hom met Servet bemoei. Dit is aangrypend wat Stickelberger hieroor vertel (in "Helden der Reformatie", bl. 65.):

*"Toe laat roep die veroordeelde sy vyand (Calvyn) om hom in sy gevangenissel te kom sien. Hy reik Calvyn die hand, met dié woorde: "Vergewe my voordat ek tot as verbrand word. Maar moenie van my eis om van my menings te herroep nie."* Geboë staan die Hervormer voor hom, klein in die aangesig van opregte jammerte. Bewend, asof *hy* die veroordeelde is, hom beswerend, asof dit sy *eie* saligheid betref, spreek hy, terwyl hy die hand van die rampsalige vashou: *"Versoen jou met die Seun van God, wat aan ons gelyk geword het, met wie jy die band van die broederlike eenheid verskeur het, terwyl jy ons enigste hoop deur jou loëning op die spel geplaas het ..."*

Die gevangene snik en kyk anderkant toe; hy antwoord nie meer nie.

Vol hartseer verlaat Calvyn hom. Op die straat kyk mense hom agterna. Die tingerige gestalte loop stadig weg, asof 'n swaar las op hom druk. Hy het geen vermoede gehad hoe swaar dit wel was nie. Die nageslag lê die bloedskuld van sy *tyd* op *sy* nagedagtenis, 'n tyd wat geen verdraagsaamheid ken nie.

So word op 27 Oktober 1553 te Genève die vonnis aan Servet voltrek. Hy word verbrand.

Deur die eeue heen bly Servet egter die martelaar en Calvyn die moordenaar. Hierdie oordeel is totaal nie korrek nie. Dit is gedryf deur vyandskap teen Calvyn.

Vandag sou so 'n vonnis nie meer uitgespreek word nie. Maar vier eeue gelede was die mens nog nie sover nie. Net Luther het anders daaroor gedink. Hy is in hierdie opsig 'n enkeling.

Aan verskillende kerke was die aanklag van Calvyn en die verdediging van Servet toegedig. Almal het die dood van Servet geëis. Selfs die sagmoedige Melanchton het saamgestem. Hy skryf: *"Ek meen dat die Raad van Genève hulle goed van hulle taak gekwyt het, om die wêreld van 'n man te verlos, wat in sy hardvogtigheid nooit sou ophou om te laster nie. Dit het my verbaas dat daar mense was wat gesê het dat die mense teenoor Servet te streng was."*

Dit is die verhaal oor Calvyn en Servet. Calvyn was nooit die koue, hardvogtige en hartelose man waarvoor die mense hom gesien het nie. Hy was inteendeel 'n sagmoedige mens. Maar as die eer van God aangetas word, help dit nie om met hom te probeer onderhandel nie.

Hy het eenkeer geskryf: *"'n Hond blaf as hy sien dat mense sy meester te na kom; wat 'n lafaard sou ek wees as ek sou stilbly en nie my stem verhef, wanneer die waarheid van God aangetas word nie?"*

Die reeds genoemde Melanchton skryf oor hierdie saak aan Calvyn: *"Wat Servet betref, moet die kerk jou altyd dankbaar wees omdat jy sy afskuwelike godslastering weerlê het, terwyl die owerheid hom tereg ter dood gebring het."*

Aan die predikante te Frankfort:

> *"'n Versoek om die vernietiging van die geskrifte van Servet, met name sy "Christianismi restitutio", wat gesien word as 'n poging om Calvyn se "Institusie" te oorskadu."*

Ek twyfel nie daaraan dat u die naam van die Spanjaard Servet gehoor het, wat vir twintig jaar met 'n giftige boekie vol godslasterlike dwalings Duitsland wou besmet. Nadat hy uit Duitsland gevlug het en onder 'n vals naam in Frankryk gebly het, het hierdie windbol kort gelede uit die boekie van vroeër en uit nuwe versinsels wat hy uitgedink het, 'n groter boekdeel saamgeflans, wat hy in Vienne, 'n stad in die buurt van Lyon, heimlik laat druk het.

Baie eksemplare hiervan is tydens die laaste Paasmark na Frankfort toe gebring. Die reisiger van die boekdrukkery, 'n vroom en opregte man, het egter, toe die mense hom daarop wys dat daar niks anders in staan as 'n sameflansing van dwalinge nie, sy voorraad teruggehou.

Die boek wemel van dwalinge en selfs wonderlike godslasteringe; te veel om op te noem. Stel jouself maar 'n volledige versameling goddelose dwalinge voor, saamgestel uit alle tye.

Want daar bestaan geen goddeloosheid nie of die vent het dit, asof uit die hel, opgeroep. Ek verkies dat u self 'n oordeel vorm deur die lees van die boek. Ongetwyfeld sal u op elke bladsy iets vind wat u afsku sal wek.

Die skrywer word op hierdie oomblik deur ons owerheid in die gevangenis gehou, en binnekort sal hy, so hoop ek, sy straf ondergaan.

Dit is u plig om daarvoor te sorg dat sy verderflike gif nie verder sal uitbrei nie. Die bode sal u meedeel in watter pakhuis die boeke tans is, en hoeveel daar is. Die boekhandelaar sal, as ek my nie misgis nie, toelaat dat hul verbrand word. Mag dit op enige beswaar stuit, dan hoop ek dat u so deurtastend sal wees, om te sorg dat die wêreld tog van hierdie skadelike verleiding gesuiwer word. Die manier waarop dit kan geskied, sal u maklik vind.

Indien die aangeleentheid aan u oordeel oorgelaat word, dan sal dit nie nodig wees om die owerheid te versoek om op die boeke beslag te lê nie.

Ofskoon ek van u opregte gesindheid só oortuig is, dat dit voldoende is om u van hierdie saak bewus te maak, bring hierdie belangrike aangeleentheid tog mee, dat ek u in die Naam van Christus moet besweer, dat u nie hierdie geleentheid sal laat verbygaan nie maar dat u naarstiglik u plig sal doen.

Vaarwel voortreflike manne en geliefde broers. Mag die Here u deur Sy Gees lei; en mag Hy u onder sy bewaring hou en u arbeid seën."

Genève, 27 Augustus 1553.

## 13. Calvyn tref geen blaam nie

Nog 'n kort woord moet hier bygevoeg word. Watter aandeel het Calvyn gehad in die teregstelling van Servet?

Hy skryf self: *"Servet het per ongeluk in Genève gekom, en die geregsdienaar het hom, **deur my toedoen**, in hegtenis geneem; want ek wil daarmee erken dat ek dit as my plig beskou het om 'n meer as verharde en onverbeterbare mens met alle mag teenstand te bied en sy verdere invloed te beperk."*

Calvyn het gehoop dat die owerheid Servet nie as 'n ketter sou straf nie, maar wel as 'n rusverstoorder en oproermaker.

Dit is dan ook beslis verkeerd om te beweer dat Calvyn geleer het dat ketters ten alle tye gedood moes word. Calvyn het immers nooit die aanhangers van Rome, wat in sy oog tog ketters was, se dood gesoek nie. Alleen wanneer hy oortuig was dat iemand die grondslag van die Christendom en van die Staat en Gemeenskap probeer omverwerp, eers dan het hy by die regering aangedring op strafmaatreëls.

Op weg na die brandstapel het Servet nog gebid: *"Jesus, my Heiland en Verlosser, vertroos my soos wat U self ook eendag getroos is."*

Dit was moontlik die vurige Farel wat hom die raad gegee het om Jesus die ewige Seun van God te noem. Hy weier beslis, en sterwende was sy laaste woorde: *"Jesus, Seun van die ewige God, ontferm U oor my!"*

Wat moet ons hiervan sê?

Dis betreurenswaardig dat Servet op die brandstapel die lewe moes laat. Maar die tyd was toe só. Alleen Luther het anders daaroor gedink. Hy het eenkeer geskryf: *"Die Ou Testamentiese wet beveel dat die* **valse** *profete gedood sal word maar op die ou end word byna niemand anders as die* **heilige en onskuldige** *profete dood gemaak nie. Daarom hou ek nie baie van die veroordeling tot die dood nie."* Maar die tydgees was sterker as Luther. Ondanks bostaande woorde het mense gewelddadig geword, nie teen "gruwelike ketters" soos Servet nie, maar ... teen Calvyn self en sy aanhangers - vir 'n enkele van hulle het hulle eweneens die brandstapel opgerig.

Mens kan versagtende omstandighede aanvoer vir die Raad van Genève en veral vir Calvyn, wat slegs sydelings in hierdie hartseer saak betrokke was. Hy het sy hart gevolg. In daardie tyd het mens nog nie meer duidelikheid in 'n saak soos dié van Servet gehad nie.

## 14. Die universiteit van Calvyn

Vanaf die jaar 1541 het Calvyn besin oor die vraag hoe hy kon help om 'n universiteit in Genève op te rig. Dit staan vir hom vas dat daar 'n universiteit móét kom. Maar die onrus van daardie tyd het hom verhoed om sy ideaal te verwesenlik.

Die Raad het saamgestem. In een van hulle vergaderings het Calvyn gesê: *"Niks strek 'n gemeenskap meer tot seën en sieraad nie as 'n inrigting, waar burgers en vreemdelinge hulle grondig kan oefen in alles wat nodig is en in besonder die wetenskap van die ware godsdiens."*

Daarmee was die Raad dit met Calvyn eens. Maar waar moet hulle die geld en die mannekrag kry, wat vir so 'n universiteit nodig is?

In 1558 was omstandighede gunstig. Calvyn het 'n nasionale inskrywing gehou, wat die vir dié tyd baie beduidende bedrag van tien duisend en vier en twintig goue guldens opgebring het. In ons hedendaagse (1964, vert.) munt waarde 'n bedrag van agt duisend gulden. In dieselfde tyd het daar enkele geleerdes uit Waadland na Genève toe gekom. Na 'n geskil met die owerheid van Bern oor die uitbanning het hulle dit noodsaaklik geag om hulle amp neer te lê. En hulle het na Genève toe gekom, waar hulle dringend nodig was. Een van hulle was Theodorus Beza, 'n merkwaardige figuur; sy naam is onafskeidelik met dié van Calvyn verbind.

Beza stam af van 'n vooraanstaande geslag in Bourgondië. Hy studeer in die regte, trou in die geheim met Claude Desnoz, 'n meisie van burgerlike afkoms, en geniet van die lewe. 'n Ernstige siekte bring hom in 'n sware sielestryd en die gevolg daarvan was dat hy met Rome gebreek het en hom met hart en siel aan die Reformasie gewy het. Hy het sy advokatepraktyk prysgegee en met sy vrou na Genève toe getrek. Die eerste wat hy daar gedoen het, was om sy huwelik, wat in die geheim aangegaan is, te wettig. Dit was in 1548, en die volgende jaar word hy professor aan die universiteit van Lausanne.

Marot het met die Psalmberyming in Frans begin, maar kon dit nie voltooi nie, omdat hy in 1544, op 49-jarige ouderdom, oorlede is. Beza het toe sy werk voltooi. Na die teregstelling van Servet, skryf hy 'n boek, waarin hy Calvyn verdedig teen die vyande wat Calvyn aanval oor die geval Servet. Beza het na Genève toe gekom juis toe Calvyn se planne vir 'n universiteit vaste vorm begin aanneem het. Calvyn het 'n groot wingerd, wat eiendom van die stad was, as bouplek uitgekies. 'n Kommissie van deskundiges keur die plek goed en die Raad staan die grond met graagte af vir dié goeie doel. Nou kon die universiteit gebou word. Calvyn, wat nouliks van 'n ernstige siekte herstel het, laat hom na die bouterrein toe dra en vuur met sy teenwoordigheid en toespraak die arbeiders aan. Reeds op 5 Julie 1559 kon die universiteit geopen word. In 'n proklamasie van die Raad word onder andere die volgende gesê: *"Dit is 'n groot genade en barmhartigheid van God dat dit aan hierdie stad gegee word om tegelyk 'n moeder van godsvrug en 'n voedster van wetenskappe te wees."*

Die openingsgeleentheid vind plaas in die Pieterskerk. Genève het dié dag feesgevier. Die arbeid het stil gelê en 'n groot skare stroom na die Pieterskerk. In 'n kort toespraak deel Calvyn mee dat die Raad besluit het om binne Genève 'n universiteit te stig. Daarna spreek hy 'n gebed uit, waarin hy die seën van die Allerhoogste oor hierdie stigting afsmeek.

Die stadsekretaris lees die geloofsbelydenis en die statute, wat vir professore en studente sou geld. Daarna hou Beza, wat tot rektor benoem is, 'n toespraak, waarin hy ondermeer sê: *"Ek besweer u om uself nooit ontrou te word nie. Dit is 'n bekende woord van Plato dat kennis sonder deug geen waarheid is nie, maar slegs bedrewenheid. Nou is dit vanselfsprekend dat die heidense wysgeer hierdie woorde nie volkome kon toepas nie, maar julle, waarmee sal julle jul verontskuldig as julle hierin tekort skiet, julle wat so amper saam met die moedersmelk die waaragtige kennis van God en sy waarheid gedrink het."*

Spoedig het uit Genève opgeklink: *"Stuur vir ons 'hout', en ons sal in ruil daarvoor vir u die pyle wat daaruit gesny is, stuur!"*

En die 'hout' het gekom.

Reeds in die eerste jaar word 900 jong manne uit alle dele van Europa as studente ingeskryf. En byna net soveel het hulle onder Calvyn tot evangeliste en voorgangers gevorm.

Ook Holland het sy 'hout' gestuur: Lodewyk van Nassau, die broer van Prins Willem, Marnix van St. Aldegonde, en Franciscus Junius het aan die universiteit van Calvyn studeer. Deur hulle kom Willem van Oranje met die Calvinistiese beginsels in aanraking, sodat hy in 1577 kon sê: *"Ek is kaalkop en Calvinisties"* (calboy calbinista) *"en in hierdie geloof wil ek sterwe."*

Soos dit van 'n man soos Calvyn verwag kon word, was sy studieplan tot in die kleinste besonderhede uitgewerk. Die hoofgedagte hierby was: die verheerliking van God deur die werklike, volle heerskappy van Sy Woord in die lewe van die Christendom. Voor God se wet moet alles buig: beide professore en studente moet die hoogste wet gehoorsaam. Deur hierdie hele inrigting van onderwys loop die goue draad van dieselfde beginsel.

Die invloed van hierdie universiteit in die buiteland was ongelooflik. Tot diep in die agtiende eeu, dus meer as twee honderd jaar lank, was dié universiteit van Genève die groot 'oefenplek' vir die hele Gereformeerde Europa.

Spanje, Frankryk en die pous laat egter geen steen onaangeroerd om die klein, maar sterk republiek van Genève, te laat onder gaan nie. Hulle kon dit nie duld dat so 'n klein stad as 'n skans van kettery tussen al die magtige Roomse ryke standhou nie.

Reeds aan die begin van Januarie 1560, kom daar 'n Franse afvaardiging aan om kort en duidelik te eis, dat die mense nie langer Frankryk se rus sal versteur, deur die uitstuur van predikers nie. Die mense sou die gevolge ervaar.

Die Raad van Genève het geweifel. Maar Calvyn het, toe hulle sy advies kom vra, *"alleen rustig gebly, toe alles sidder,"* en wou van geen toegewing weet nie. Hy sê: *"Die sekerheid van Genève berus nie op aardse magte nie, maar geheel en al op die bewarende hand van die Almagtige God."*

'n Skrywe van Calvyn word aan die koning van Frankryk gestuur, en dit was die einde van die dreigemente van die vyande!

Daarna span Savoye, Spanje en die pous saam om hierdie bolwerk van kettery te verwoes. Daar word troepe gestuur, wat met listigheid en geweld die stad wou aanval. Die plan word twee dae voor die uitvoering daarvan ontdek en kon verydel word. In Genève word 'n vas- en dankdag uitgeroep. En die universiteit van Calvyn sit ongehinderd sy geseënde werk voort.

## 15. Calvyn se einde

Die stigting van die universiteit was die hoogtepunt in Calvyn se lewe. Dit het aan hom meer werk besorg, maar daarvoor het hy nie teruggedeins nie. 'n Mens wonder hoe een mens dit kon regkry om soveel werk te verrig. Moenie uit die oog verloor dat Calvyn 'n redelike swak gesondheid gehad het nie. Soms is hy vir dae lank gepla met 'n hewige hoofpyn. Tog hou hy aan met werk, ook toe hy in 1562 begin sukkel het. Hy wil werk solank dit dag is. Toe hy bedlêend geraak het, het hy nog sy gedagtes oor die Heilige Skrif gedikteer.

Daar was wel besorgde vriende, wat hom gewaarsku het en hom raad gegee het om sy skryfwerk te staak.

Dog dan antwoord hy: *"Wil jy dat ek ledig deur die Here gevind sal word?"*

Meer as een keer moes hy na die kerkraadsvergadering toe gedra word.

Beza, sy biograaf, het gesê: *"Die jaar 1564 was die eerste van sy ewige saligheid en vir ons die begin van 'n lang en opregte rou."*

Want op Woensdag 2 Februarie het Calvyn sy laaste preek gehou oor die boek Konings en om twee uur sy laaste les oor Esegiël en op Sondag 6 Februarie sy laaste lesing oor die harmonie van die Evangelies. Van toe af het 'n aanhoudende benoudheid hom gedwing om van sy amp af te sien. Hy het hom slegs een maal na die vergadering van die Kongregasie laat dra, maar hy kon slegs enkele woorde praat.

Wanneer die smarte op die hoogste was het hy sy oë na die hemel opgehef en versug: *"Hoe lank nog, Here?"*

Op 10 Maart, toe almal verstaan dat sy einde nader, het die Raad beveel dat elkeen vir sy herstel sal bid.

Op 27 Maart laat hy hom na die Raadsaal toe dra, waar die Senaat in sitting was. Leunende op twee begeleiers klim hy die trappe op, wat na die vergadersaal toe lei. Nadat hy 'n nuwe Rektor vir die universiteit voorgestel het, en nadat hy sy baret afgehaal het, bedank hy die Raad vir al hulle weldade wat hy ontvang het, en vir die vriendskap wat die mense aan hom bewys het met sy onlangse siekte, *"Want ek voel"*, het hy gesê, *"dat ek vir die laaste keer die eer het om op hierdie plek te verskyn."*

Hy kon hierdie woorde nouliks uitspreek. Op 2 April, met Paasfees, was hy buitengewoon swak. Hy laat hom in 'n stoel na die kerk toe dra en luister hy na die preek van Beza, wat daarna aan hom die Nagmaal bedien het. In die slotsang sing hy nog met bewende stem saam:

> "Neem nou maar, Heer, u kneg
> na u belofte weg,
> en laat hom gaan in vrede."

Op 24 April stel Calvyn sy testament op, wat hieronder volledig sal volg, en daarna stuur hy 'n boodskap na die Raad om te sê dat hy die Raad nog een keer wil toespreek voordat hy sterwe. Hy het daarop gehoop dat hulle hom na die saal toe kon dra. Maar onmiddellik kom die antwoord dat hy hom nie moet vermoei nie: *"die here sal self na Kanunnikkestraat toe kom,"* waar hy gewoon het.

Die 26ste April kom die here by Calvyn aan huis. Calvyn sit regop in die bed, terwyl die here hulle om sy bed skaar. En terwyl hy praat, word sy woorde letterlik opgeskryf.

*"Eerwaarde here,"* so het hy gesê, *"ek kan u nie genoeg dank vir al die eerbewyse en tekens van vriendskap wat ek van u kant af ontvang het nie, ofskoon ek dit nie verdien het nie. En in die besonder dank ek u vir u onuitputlike geduld waarmee u my skromelike swakhede en gebreke verdra het. Ek het wel in my amp baie stryd en verdriet ervaar, dog dit het nie deur u skuld gebeur nie, maar deur die raad van God, wat elkeen van sy knegte so wil beproef. Terwyl ek nie alles gedoen het wat ek moes gedoen het nie, vra ek u dringend, dat u dit nie aan my wil, maar aan my onvermoë sal toeskryf. Want ek kan met alle waarheid getuig dat ek u republiek met my hele hart ondersteun het en by alle gebreke en tekortkominge tog die algemene welsyn sover ek kon, bevorder het. Ook sou dit inderdaad 'n ondankbare huigelary wees as ek sou ontken dat God my gebruik het om een en ander in hierdie stad uit te rig. Slegs dít moet ek daarby herhaal, ek is onskuldig maar vergeef my dat my dade in die openbare en verborge lewe so gering was, as mens kyk na wat dit moes en kon gewees het. Veral egter, eerwaarde here, bedank ek u dat u my al te grote felheid so vriendelik en sagmoedig verdra het.*

*Oor hierdie en ook oor my ander sondes het ek van harte berou, en ek is seker dat God my dit vergewe het."*

*"Wat betref die leer wat u van my af gehoor het, betuig ek voor God en my Saligmaker, dat ek geen ander strewe gehad het as om die Woord van God, wat aan my toevertrou is, in alle suiwerheid te verkondig, terwyl ek daarvan seker is dat ek nie in onsekerheid my weg gegaan het nie. As dit anders was, dan weet ek dat die toorn van God tans my hoof sou bedreig, terwyl ek inteendeel oortuig is dat my arbeid en sorg in die leer van die Woord Hom nie mishaag het nie."*

Calvyn wys dan verder op merkwaardige uitreddinge. Hy herinner aan die bang jare wat agter hom lê, en gee die versekering, dat die troue God, wat toe die Beskermer van die stad was, dit ook in die toekoms sal wees.

*"Die oueres onder julle vermaan ek om die jongeres nie te beny as hulle julle verbystreef nie. Ek herinner die jongeres daaraan dat vir hulle alle beskeidenheid, ootmoed en gematigdheid paslik is."*

Hulle vra hom toe om sy seën, en hy bid saam met hulle.

Daarna groet hy hulle toe met die hand en roep hulle 'n laaste vaarwel toe.

Dit was Calvyn se laaste ontmoeting met die Raad van Genève.

Twee dae later ontvang hy al die predikante en professore. Hy vermaan hulle om die onderlinge vrede te bewaar.

Beza het gesê: *"Toe hy sy rede geëindig het, roep hy elkeen van ons na hom toe en gee ons elkeen 'n handdruk. Daarna het ons weggegaan met oë vol trane en 'n hart vol leed."*

Hierdie laaste afskeidsbesoeke was vir Calvyn in sy swaar lyding, 'n soete verkwikking. Die tagtigjarige Farel het uit Neuchatel gekom, dit ook nog! Calvyn het aan hom geskryf om nie die vermoeiende reis te onderneem nie, maar hy het tog gekom. Calvyn was baie verheug oor sy koms.

Op 19 Mei, twee dae voor Pinkster, het weer 'n sensuur van dosente plaasgevind en hul het afgespreek om die middagmaal aan huis van Calvyn te hou. Dit was vir die Hervormer 'n aangename verrassing.

Hy laat hom die saal binne dra en sê: *"Broeders, ek het gekom om u vir die laaste keer te ontmoet en saam met u aan tafel te sit."*

Hy gebruik 'n bietjie voedsel en praat so opgewek as moontlik. Die maaltyd was egter nog nie verby nie of daar kom 'n insinking, en Calvyn moes na 'n aangrensende kamer gedra word.

Die einde het nou vinnig nader gekom. Wanneer die pyne vir hom te veel word, hoor die mense hom Psalm 39 opsê: *"Here, ek het my mond nie oopgemaak nie, omdat U dit gedoen het!"*

Die 27ste Mei word sy sterfdag.

Die middag begin die afsterwe sonder dat iemand dit eers opmerk. Beza word geroep. Hy haas hom na die sterfkamer, dog die pasiënt het reeds die Doodsjordaan oorgesteek. Dit was toe agt uur, en die son het ondergegaan.

Calvyn het ingeslaap, so rustig soos 'n kind wat moeg is van die lang dag.

Laat-aand versprei die gerug van sy afsterwe en die Kanunnikestraat stroom vol mense.

Die volgende dag word die lyk in 'n wit doek gehul en in 'n houtkis gelê en om twee uur vind die uitvaart in alle erns plaas, soos Calvyn dit versoek het.

Dit was Sondagmiddag toe die mense hom, sonder enige uiterlike prag en praal na die algemene kerkhof toe dra.

Alle raadslede, alle geestelikes, alle professore en leraars en byna al die inwoners van die stad begelei hom na sy laaste rusplek. Op sy graf word geen steen met 'n inskripsie geplaas nie, aangesien Calvyn dit uitdruklik verbied het. En so kan die plek waar hy begrawe is vandag nie aangedui word nie.

In enkele hoofstukke laat ons nog enkele besondere sake oor Calvyn volg.

## 16. Die Institusie van Calvyn

In die lewensverhaal van Calvyn, het ons melding gemaak van sy belangrikste werk "Institusie of onderwysing in de christelike Religie."

Calvyn het dié werk aan die Koning van Frankryk gestuur en 'n skrywe bygevoeg, wat te breedvoerig is om in sy geheel in hierdie boekie opgeneem te word. Ons gee daarom slegs enkele aanhalings, wat besonder karakteristiek is. Calvyn begin soos volg:

> *"Aan die magtige en deurlugtige Monarg Franciscus, die Aller Christelikste Koning van Frankryk, sy Soewereine Vors en Heer, wens Johannes Calvyn vrede en saligheid in Christus toe."*

"Toe ek vir die eerste keer aan hierdie boek begin werk het, Hoogedele en beroemde Koning, het ek besluit om, wat ek ook al gaan skrywe, dit eendag aan U Majesteit op te dra en voor te lê. My voorneme was alleen om enkele beginsels te ontwerp en voor te lê, tot 'n onderwysing in die ware Godvrugtigheid van hulle, wat met 'n goeie gewete tot die diens van God geroep is. Deur hierdie arbeid wou ek veral ons Franse nasie dien, onder wie daar vele was wat honger en dors na Christus, terwyl tog maar min van hulle 'n ware kennis van Christus het. Dat dit my voorneme was, getuig ook die vorm van my boek, wat 'n eenvoudige onderwysing is. Toe ek egter verneem het dat die grenslose woede van sommige kwaadwillige mense in U ryk in so 'n mate die oorhand gekry het, sodat vir die gesonde leer geen plek meer was nie, het ek dit goed gedink om hulle geestelik te onderrig en my belydenis aan U Majesteit voor te lê, waaruit u mag leer en erken wat die leer is waarteen die bende, wat U ryk in hierdie dae deur vuur en swaard in onrus dompel, met soveel onstuimige woede ontbrand.

Voorwaar, dit is aan my goed bekend, met hoeveel verskriklike gerugte en aanklagte hulle U oor en hart gevul het, sodat hulle ons saak by U in die diepste veragting gebring het. Maar dit is vir U om in U goedertierenheid te oorweeg: dat niemand op grond van sy werke skuldig sal wees nie, indien alleen die **beskuldiging** gehoor word en plek kry.

Dit is deur **krag en geweld** dat mense oor enige saak, voordat dit verhoor en verdedig word, bloedige vonnisse vel en uitspreek; dis **bedrog en verraad**, dat hulle 'n mens sonder rede en verdienste met oproerigheid betig en brandmerk.

Hierdie voorlegging word gemaak tot u die ware koning. U sal erken dat u 'n dienaar van God se wil is in die regering van God se koninkryk. Maar teenoor diegene wat nie regeer met die doel om God se eer tot diens te wees nie – hulle regeer geen koninkryk nie, maar voer 'n moordenaarsbende aan."

U moet ook nie van hierdie lofwaardige werk weggehou word deur ons veragtelike aansien en ons geringheid nie. Ons is voorwaar voldoende daarmee bekend hoe arm en ellendige skepsels ons is, nl. vir God: ellendige sondaars; in die oë van mense die mees veragte. Ja soos U wil; onrein skuim van die nasie en uitvaagsels van die gemeenskap, slegtes en onwaardiges. Sodat vir ons niks anders oorbly, waarop ons onsself by God sou kon beroem, as sy ewige barmhartigheid, waardeur ons - tot die hoop van die ewige saligheid sonder enige verdienste van ons kant - aangeneem is; en by die mense ook nie veel meer behalwe ons swakheid nie. Maar wat ons leer betref, moet dit bo alle eerlikheid van die wêreld en bo alle mag verhewe en onoorwinlik bly; want dit is nie van ons nie maar van die lewende God en van sy Gesalfde, wat deur die Vader tot Koning verordineer en aangestel is, sodat Hy heers van see tot see en van die waters tot aan die einde van die aarde."

"Hulle noem ons leer 'n '**nuwe leer'**, en daarmee doen hulle God groot oneer aan, want God se Heilige Woord verdien dit nie om van nuwighede beskuldig te word nie. Ek glo dat **hulle** leer nuut

is, omdat Christus self en Sy evangelie vir hulle nuut is; maar ons weet dat **hierdie** verkondiging van Paulus oud is: dat Christus oorgelewer is vir ons sonde en opgewek is vir ons regverdigmaking; u sal niks nuuts by ons vind nie. Dat hierdie leer vir 'n lang tyd onbekend was, daarvoor moet die skuld aan die goddeloosheid van die mense toegedig word. Maar omdat dit nou, deur die goedertierenheid van God, weer tot ons beskikking gestel word, behoort hulle ten minste in hul ou waardigheid en aansien ontvang te word. Ons leer is nie twyfelagtig en onseker nie. Dit ís voorwaar, want 'n os ken sy meester en 'n esel die krip van sy heer". Profete is dikwels nie deur Sy volk erken nie."

"Dit was 'n Kerkvader wat gesê het dat hy met vrymoedigheid vleis eet in die vastyd omdat hy 'n Christen is, terwyl andere hulle daarvan weerhou. Dit was 'n Kerkvader wat gesê het, dat 'n monnik, wat nie met sy hande werk nie, vir 'n struikrower aangesien moet word. Dit was 'n Kerkvader wat geskryf het dat dit nie monnike geoorloof is om van 'n ander een se goedere te leef nie, al was dit ook so dat hy hom gedurig met heilige oordenkinge, met gebede en met studies besig hou."

'n Kerkvader het getuig dat dit 'n verskriklike gruwel is om in die kerke van Christene 'n geskilderde beeld van Christus of van een van die heiliges te sien.

'n Kerkvader het aangeraai dat ons die dooies verder moet laat rus nadat hulle eerbaar ter aarde bestel en begrawe is.

'n Kerkvader het geskryf dat aan die dienare van die kerk die huwelik nie verbied behoort te word nie."

"Voorheen het ons alleen om genadige verhoring aan u hart gesug en gekla, u hart wat destyds wel van ons afgewend en vervreem is, ja selfs teen ons in toorn ontbrand het, maar ons vertrou steeds dat ons u guns en genade weer kan verwerf, indien u ons bekentenis eenmaal met stilte en bedaardheid gelees het. Ons wil dat die bekentenis U Majesteit sal dien in die plek van ons verantwoording.

Maar indien daarenteen die skinderpraatjies van die kwaadwilliges die ore van U Majesteit sodanig sal vul, dat die beskuldigdes geen kans kry om vir hul self te pleit nie en dat aan die ander kant wrede, rasende geeste en bloedhonde deur U Koninklike Majesteit oogluikend, sonder ophou bly voortwoed met gevangenisse, geselroede, pynbanke en folterwerktuie, vuur en swaard, so sal ons voorwaar as slagskape tot die uiterste en laagste moeites en gevare gedryf word; nogtans so, dat ons ons siele in lydsaamheid besit en die sterk hand van die Here sal verwag, wat op Sy tyd sonder twyfel teenwoordig is en wel toegerus sal verskyn, om die armes uit hul verdrukking te verlos en om wraak te neem oor die veragters, wat met so 'n groot sorgeloosheid nou in hierdie tyd van vreugde en blydskap opspring.

Seer deurlugtige Koning, mag die Heer van die here, die Koning van alle konings, u troon deur regverdigheid en u stoel deur billikheid bevestig."

Gegee te Basel op die 1ste Augustus.

Anno MD XXXVI

Calvyn stuur sy Institusie saam met hierdie breedvoerige skrywe aan die Franse Koning, soos Guido de Brès ook later sou doen met die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat hy aan Koning Philips II gestuur het.

Die Institusie is o.m. uit Latyn en Frans in Nederlands vertaal deur Dr. Wilhelmus Corsmannus en verskyn by Paulus Anton van Ravesteyn te Amsterdam in 1650. Hierdie uitgawe word opnuut uitgegee by D. Bolle te Rotterdam deur Dr. J.H. Landwehr. Later word dit opnuut vertaal deur Prof. Dr. A. Sizoo en verskyn by W.D. Meinema te Delft in drie dele. Nog steeds is die Institusie 'n boek wat gelees en bestudeer word.

## 17. Twee preke van Calvyn

In hierdie hoofstuk gee ons *uittreksels* uit twee preke van Calvyn. Die hervormer het die preke in die 16de eeuse Frans gelewer en die vertaling daarvan het eienaardige probleme meegebring.[2]

## *1. Eenvoud*

> *"Jy mag nie 'n ander gewas in jou wingerd plant nie. As jy dit doen, sal die opbrengs van die gewas, sowel as die druiweoes die tempel toekom.*
>
> *Jy mag nie 'n bees en 'n donkie saam voor 'n ploeg inspan nie.*
>
> *Jy mag nie 'n kledingstuk dra wat van twee soorte materiaal, wol en linne, gemaak is nie.*
>
> *Jy moet klossies vaswerk aan al die some van jou klere."*

Deut. 22 : 9 – 12 (NAV 1983).

God het daarvoor gesorg om 'n versperring op te rig teen die baie uitvindinge wat die mense uitdink om die ware eenvoud te bedek, wat ons moet beoefen en ook wat die natuur ons bied.

God verbied *dat die Jode 'n kleed aantrek van gemengde stof, van wol en linne tegelyk.*

Ons moet ons aan die reëls hou en vrede maak met die eenvoud wat God goedgekeur het, sodat ons nie te veel vryheid neem om die sake te vermeng nie, maar ons moet daarop ag slaan tot watter doel alles verordineer is. Soos linne, vlas en dergelike dinge: 'n mens moet dit vir 'n soortgelyke doel gebruik.

En dan dien wol om wolweefsel van te maak. Wanneer die mense 'n dergelike soberheid betrag, dan word hulle immers deur die kleding altyd gewys op God se voorsienigheid, op meer as vaderlike sorg wat Hy vir ons gehad het.

Want het ons kleding nodig? Ons het 'n onderhemp, ons het 'n bokleed, ons het skoene. En ons sien: daar is leer vir ons skoene en daar is wol materiaal om ons te bedek; daar is 'n onderhemp, wat ook nog daar bykom. Here, U het so goed in alles voorsien! So word ons duidelik vermaan. Wanneer 'n mens die dinge vermeng, dan verwilder die mens, en Satan is juis daarop uit om ons oë te verblind, omdat ons nie let op die duidelike onderskeid wat God in alle dele van die skepping gelê het nie.

Mag alle dinge dan gebruik word volgens hulle eie doel, en mag 'n mens daarop ag slaan: waarvoor het God dit in ons hande gegee? Waartoe moet dit ons dien?

En mag die mens nie deur al te groot begeertes na iets vreemds gedryf word nie, maar tevrede wees met 'n eenvoudige gebruik, soos Here dit aan ons gegee het.

Nou het ons reeds gesê dat die diensbaarheid in hierdie tyd nie dieselfde is soos dit destyds onder die wet was nie, want ons het 'n groter vryheid as die volk, vir wie God soos klein kindertjies behandel het, soos Paulus gesê het.

En ons weet dat klein kindertjies 'n lewensreël het, wat strenger en aan dié van bediendes gelyk is...

Hy wil dat ons dit wat Hy ons mildelik toedeel, matig sal gebruik en dat ons nie aan ons luste toegee nie, en dat daar by ons geen oordadigheid is nie. En ook, dat 'n mens hom nie só besig sal hou met die soeke na nuwe uitvindinge nie dat dit alle eerlikheid onder ons wegneem en dat mens slegs middele soek om geld te maak, aangesien al die voortreflikhede slegs daarop gerig is om wins te behaal. O, wat 'n skone uitvinding! en dan loop die sotte daarheen, terwyl hul hul beursie leegmaak. Indien hul tevrede was met die eenvoudige dinge, sou hul minder afhanklik wees, en 'n mens sou met minder tevrede wees.

Daar is geen einde aan die dinge as die mense hulle so wil vermaak nie. As mens allerlei nuwighede hier en daar najaag, moet dit jou in ander opsigte ook bederf. En dít maak dat die pryse van koopware styg, en dan is dit nie meer so eg as wat dit moes wees nie, wanneer elkeen eerlik en opreg te werk sou gaan...

Laat ons dus sien dat ons die goeie en natuurlike gebruik van die weldade van God ontheilig, wanneer ons deur ons begeerlikhede 'n te groot vermenging maak...

Let bv. 'n slag op die tafels: Daar is so ŉ verskeidenheid dat dit amper soos ŉ doolhof is. Daarin kan mens sien in watter mate die mense geneig is tot die verkeerde, nl. om alles anders voor te stel as wat dit werklik is, asof mense saamgesweer het om alles wat in die natuur is te verander...

As iemand vra: Is alle vermenging dan sonde? Só kras sal ek my nie uitdruk nie. Maar die beginsel daaragter is dat dit uit ŉ slegte begeerlikheid voortkom. Dit is seker dat hulle, wat op hierdie wyse so 'n verskeidenheid uitvind, aan hul luste voldoen, God daarmee beledig en dat mens in hulle ŉ afkeer moet hê, hoe hulle ook al in hulle tyd geprys is of daarmee die agting van mense najaag. O, is dit nie ŉ goeie kok nie? Of, dit is ŉ goeie hoofbediende! Hoe hulle ook al naam gemaak het deur die uitvinding van vele lekkernye, en die dinge vermeng het om nuwe souse te maak, en ek weet nie wat nog alles nie, om diegene te behaag wat te veel volgens hulle fyn smaak behandel wil word. Mens moet van dit alles mens ŉ afkeer hê, en as't ware wens dat sulke mense nooit gebore was nie.

.... Dit is seker dat die natuur dit alles nie leer nie...

Laat ons daarop let dat al die verskeidenheid wat die mense berei, soveel bewys is dat ons nie in ware, natuurlike tevredenheid leef nie.

Dit is waar dat dit ook dwaasheid is, om so uitermate streng te wees, soos sommige dwepers is, nl. dat ons ons net met die natuur moet tevrede wees en dat dit nie geoorloof is om ŉ glas of beker te hê nie, maar dat ŉ mens met die hand moet drink; dít is dwaasheid.

Laat ons inteendeel daarop ag slaan wanneer God hom teenoor ons vrygewig betoon. In Psalm 104 word gesê dat God die mense nie alleen brood en water vir hul lewensbehoeftes gegee het nie, maar dat hy ook wyn daarby voeg, om te versterk en te verheug.

Wanneer ons sien dat God ons oorvloed gee, bo wat ons streng gesproke nodig het, wel, laat ons dan van sy goedheid geniet en erken dat Hy ons vergun om met ŉ goeie gewete en met danksegging dit te gebruik. Hy sou wel die koring kon laat groei tot voedsel vir ons, sonder voorafgaande bloei; Hy sou wel die vrugte aan die bome kon laat kom, sonder bloeisels of blare. Maar nou sien ons dat ons Here al ons sintuie wil verbly en ons Sy seëninge op allerlei wyse wil gee en in allerlei skepsels wat Hy ons gee om daarvan te geniet. Dus is daar dan geen sprake van ŉ wrede strengheid, waardeur die mense beroof sou word van dit wat God gegee het nie; maar alleen dit: Laat ons ons luste bedwing ... (anders) toon ons dat ons maar min sorg aan ons siele bestee, wanneer ons liggame ons so besig hou dat ons siele verroes, wanneer ons deur ons dwase begeerlikheid soveel mooi versiersels en soveel uitvindsels soek om na die wêreldse reël te lewe...

## *2. Volharding*

> *"Onder daardie nasies sal jy nie vrede vind nie, nie eers ŉ rusplek vir jou voete nie. Die Here sal jou daar ŉ hart vol angs gee, oë wat ingee, ŉ lewe wat wegkwyn.*
>
> *Jou lewe sal aan ŉ draadjie hang. Jy sal dag en nag in vrees lewe. Jy sal jou lewe lank onveilig wees.*
>
> *In die môre sal jy sê: 'Was dit maar aand!' en in die aand sal jy sê: 'Was dit maar môre!' so vol vrees sal jy wees en sulke vreeslike dinge sal jy belewe.*
>
> *Die Here sal jou met die pad waarvan ek vir jou gesê het jy sal dit nie meer sien nie, terugvat Egipte toe in groot ellende. Daar sal julle julleself aan jou vyande as slawe en slavinne te koop aanbied, maar daar sal nie ŉ koper wees nie."*
>
> Deut. 28:65 – 68 (NAV 1983)

Laat ons die lewe so sien, dat God dit eers in Homself verborge gehou het. Hy het dit geopenbaar toe Hy Homself bekend gemaak het deur Sy Heilige Gees, en dit ook duidelik aangedui het in sy Evangelie. En al het die wêreld honderd keer saamgespan om ons verderf te bewerk, en al word ons as veroordeeldes beskou en gesmaad, laat ons daar geen ag op slaan nie, want ons lewe het nie sy doel hier benede nie, en dit hang ook nie af van mense nie, of van hul goeie mening of hul goeie vertroue nie. Laat ons nie daaraan heg nie, maar laat ons al die verdriet oorwin, wat die

duiwel in ons weg lê om ons van ons moed te beroof, en erken dat dit God is wat alle dinge lewend maak. Hy hou ons lewe in Sý hand. Hy sal daaroor goed en veilig die wag hou, en Hy wil ook dat ons ons tot Hom sal wend. Mag dit vir ons genoeg wees, in die wete dat Hy ons nie sal teleurstel in dit wat Hy ons beloof het nie...

En verder, gestel ons ervaar hindernisse. Laat ons tog sulke hindernisse oorkom; al lyk dit asof daar hoë berge is en al moet ons as't ware vlerke hê om te kan vlieg waar ons nie kan loop nie. Daartoe sal die geloof en die hoop wat ons in God het ons help.

Indien ons God vrees, sal ons van alle dinge seker wees. Die vrees vir God is die beste vesting wat ons kan hê.

Die vrees vir God is eerbied en dat ons Hom as ons Vader erken. Soms word God ons 'veilige vesting' genoem, soms ons 'hoë toring', soms ons bastion, soms ons skild. Hy wys ons hoe lief Hy ons het: Wie jou aanraak, raak die appel van my oog aan, sê Hy.

Hy weet van al die kwaad wat teen ons bedink word. Omdat ons dan daardie sekerheid het dat God oor ons waak, laat ons nie daaraan twyfel dat Hy die sterkste is, en dat Hy al ons vyande in die verderf sal stort nie.

Ons Here wil soldate hê wat moedig optrek. Want as iemand bevrees is, is dit 'n bewys dat hy geen vertroue op God het nie. Die geloof het immers die krag om alle vrees in bedwang te hou en te laat verdwyn.

Dit is waar, dat ons niks is in vergelyking met ons vyande nie.

Maar wat maak dit saak? Want wie is God: Wanneer Hy sê dat Hy ons aanvoerder sal wees en dat ons onder Sy beskerming staan, wat kan al die mense en al die skepsels van die aarde dan aan ons doen? Is daar iets wat die mag van God kan weerstaan? En verder, hoedanig is Sy Majesteit? Wanneer Hy díe wil toon moet almal wat nou vol van hoogmoed is, dadelik beskaamd staan. Want as God die berge en rotse laat smelt, as die aarde deur Sy teenwoordigheid geraak word, hoe sal dit dan met die mense in hulle broosheid gaan? Hy is magtig en vreeslik. Daarom, laat ons nie vrees nie! Want al die woede van ons vyande wat hulle uitblaas en laat opskuim, is slegs 'n rookskerm .... Ons God is magtig! En Hy het 'n doel daarmee.

Hy kan inderdaad sy mag toon om ons te beskaam en ten gronde te laat gaan, maar Hy is geduldig, Hy is teer en goed. Hy wil nie dat ons Sy krag tot ons skande sal ervaar nie. Eerder wil Hy ons meer as sy vaderlike sagtheid laat ondervind. Hy wil niks anders hê as om ons onder Sy vleuels bymekaar te maak nie, soos 'n hen haar kuikens.

En dit is 'n besondere vertroosting, wanneer ons weet dat Hy so vriendelik en goedgunstig teenoor ons is. Hy wil tog erken word as magtig en ontsagwekkend, om ons vyande te verslaan en om alles te oorwin wat teen ons is. Laat ons daarop vertrou.

Daar is geen beter vesting of krygstuig as die toevlug tot God nie. Omdat Hy vir ons saligheid sorg, mag ons moedig vertrou dat ons veilig sal wees, hoe die bose ook al teen ons saamspan en ons dophou en bespioeneer. Dan, sê ek, sal ons in 'n onoorwinbare vesting wees.

Aangesien ons dan so 'n sekerheid het, moet ons ons gees bedwing. Wanneer ons die versoening wat deur ons Here Jesus Christus teweeggebring is ken, het ons wel 'n rede om in God rus te vind, om stil en tevrede te wees, indien ons so 'n weldaad nie vergeet nie...

Kyk hoe ons van ons lewens seker kan wees. Hoewel ons niks anders as 'n voortdurende stryd sien nie, moet ons ons tog beywer om te stry en te volhard, totdat ons oorwin het. En indien Hy ons na Hom toe sal neem, sal Hy die bewaarder van ons siele wees. Hy sal ons in hierdie lewe begelei, sodat ons dag en nag van Sy genade bewus is.

En wanneer die aand kom sal ons tog veilig wees, al hou die nag veel verskrikking in. Dan sal God ons vesting wees, en ons sal deur Hom nooit verlaat word nie.

Laat ons dus tot die môre wag. So moet ons ons lewens altyd aan Hom oorgee. En al is ons nie ongevoelig nie, het ons tog altyd iets om in ons swakheid op te steun. Soos iemand wat sien dat hy nie kan bly staan nie, as sy knieë knak en as sy voete hom in die steek laat, sal hy ŉ steunpunt gryp en op ŉ stoel gaan sit, of op ŉ stok leun. Net so sal dit ook met ons wees. Want ons het nie baie krag nie, ons is nie so sterk dat ons ons vyande kan uitdaag nie, want ons is bewus van ons swakheid.

Maar laat ons nie ophou om op God te steun nie, want Hy is ons toevlug.

En nie alleen vir die teenwoordige lewe nie, maar ook vir die toekoms het ons dié vertroue, dat Hy nie sal ophou om te midde van die dood ons redder te wees nie, al laat ons Here toe dat ons in die hande van ons vyande beland. Ons moet nie daaraan twyfel dat Hy ons sal begelei nie: nie alleen van die môre tot die aand toe, en van die aand tot die môre toe nie, maar dat ons midde-in die duisternis van die dood altyd verlig sal wees deur Sy goedheid, en dat Hy ons sal toon dat die lewe, wat Hy aan Sy kinders beloof het, nooit ontbreek nie.

## <u>18. Calvyn se testament</u>

In die Naam van God.

Aan almal word bekend gemaak dat in die jaar vyftienhonderd vier en sestig, op die vyf en twintigste dag van die maand April, ek, Pierre Chevelot, burger en beëdigde notaris van die stad Genève, ontbied is na die eerbiedwaardige Johannes Calvyn, bedienaar van die Goddelike Woord van die Kerk van Genève en burger van genoemde stad.

Hierdie Calvyn, wat liggaamlik onwel en siek was, het teenoor my verklaar dat hy ŉ testament en uiterste wilsbeskikking wil laat optrek. Ek het belowe om alles op te skryf soos hy dit sal dikteer en voorsê. Ek het ooreenkomstig hierdie opdrag gehandel en alles in sy teenwoordigheid opgeskryf soos hy dit gedikteer en woord vir woord uitgespreek het, sonder om iets weg te laat of toe te voeg. En wel soos volg :

In die Naam van God - ek, Johannes Calvyn, bedienaar van die Goddelike Woord van die Kerk van Genève, voel my sodanig verswak deur vele siektes, dat ek nie anders kan as om te dink dat God my heel spoedig uit hierdie wêreld sal wegneem nie. Derhalwe het ek besluit om my testament en uiterste wilsbeskikking te laat beskrywe en wel as volg:

Allereers dank ek God dat Hy met my, Sy arme skepsel, medelye gehad het en my uit die afgrond van afgodediens, waarin ek versonke gelê het, getrek het om my te lei tot die lig van die Evangelie en my ŉ deelgenoot te maak van die leer van die saligheid, wat ek onwaardig was. Ook het Hy voortgegaan met die betoning van Sy barmhartigheid en Hy het my gedra met al my gebreke en swakhede, wat van so ŉ aard was dat ek dit seker verdien het om deur Hom honderdduisendmaal voor Sy aangesig verstoot te word.

Maar wat meer is: Hy het Sy genade teenoor my sover uitgestrek, dat Hy my en my arbeid wou gebruik om die waarheid van Sy Evangelie uit te dra en te verkondig.

Ek betuig dat ek wil lewe en sterwe in die geloof wat Hy my geskenk het, en dat ek geen ander hoop of toevlug wil hê as Sy genadige aanneming tot kind, waarop my hele saligheid gefundeer is nie. Ek neem die genade aan wat Hy my in ons Here Jesus Christus bewys het en steun op die verdienste van Sy dood en lyding, sodat daardeur al my sonde bedek sal wees. Ook bid ek tot Hom om my só te was en te reinig deur hierdie grote Verlosser se bloed wat vir ons arme sondaars vergiet is, dat ek as Sy beelddraer voor Sy aangesig kan verskyn.

Ek verklaar ook dat ek probeer het om Sy Woord in prediking en geskrif suiwer te leer en die Heilige Skrif getrou uit te lê, na die mate van die genade wat God my verleen het. Ek het nooit gebruik gemaak van sluheid en godslasteringe in alle dispute wat ek met die vyand van die waarheid gehad het nie, maar steeds het ek eerlik te werk gegaan in die verdediging van Sy saak. Maar, helaas! My aard en ywer was, as ek dit so mag sê, so skraal en traag dat ek my in alles en oral erg skuldig voel. En as Sy goedheid nie oneindig was nie, dan sou al my toewyding slegs ŉ rookskerm gewees het; selfs die genadegawe wat Hy my geskenk het maak my nog skuldiger,

sodat my toevlug hierin geleë is, dat Hy die Vader van barmhartigheid is en Hom ook as Vader van so ŉ ellendige sondaar wil betoon.

Ek benoem tot my enigste erfgenaam van die weinige aardse besittings wat God hier tot my beskikking gestel het, my geliefde broeder Antonie Calvyn. As 'n bewys van eer bemaak ek aan hom alleen die silwer drinkbeker wat ek van die heer De Varennus gekry het en versoek hom om daarmee tevrede te wees. Ek twyfel nie daaraan nie omdat hy weet dat ek die weinige wat ek nalaat vir sy kinders wil laat toekom en om geen ander rede nie.

Ook bemaak ek aan die Kollege tien krone en net soveel aan die fonds vir arm vreemdelinge. ŉ Gelyke bedrag aan Jeanne, die dogter van Charles Costan, my half-suster van vaderskant. Vervolgens aan Samuël en Jan, my neefs, seuns van genoemde broer, elkeen veertig krone. Aan my niggies Anne, Suzanna en Dorothea elk dertig krone. Aan my neef David, hul broer, bemaak ek daarenteen as straf slegs vyf en twintig krone omdat hy ligsinnig en wispelturig is.

Dit is al wat God my aan middele verleen het, vir sover ek die waarde aan boeke, meubels, huisraad ens. kon bereken. Indien daar nog iets meer gevind mag word, dan is dit my bedoeling dat dit onder my genoemde neefs en niggies verdeel sal word, waarby David nie uitgesluit behoort te word nie, indien God hom die genade gee om hom voortaan meer gematig en bedagsaam te gedra. Ek glo egter dat daar in dié opsig nie veel probleme sal wees nie, veral wanneer my skuld betaal is, waarmee ek my broer belas het en op wie ek my hierin verlaat . Ek het hom tot uitvoerder van my testament benoem, tesame met die agtingswaardige Laurent de Normandië. Ek gee hulle volmag om sonder verdere formaliteite ŉ inventaris op te stel en my meubels te verkoop, ten einde te kan beskik oor die geld wat nodig is om uitvoering te kan gee aan die inhoud van hierdie testament, wat opgestel is op die vyf en twintigste April van die jaar vyftienhonderd vier en sestig.

*Aldus gedoen,*

*Johannes Calvyn.*

Nadat ek bostaande opgeskryf het, het genoemde eerwaarde Calvyn die dokument dadelik met sy gebruiklike handtekening onderteken.

Die volgende dag, nl. die ses en twintigste April van die jaar vyftienhonderd vier en sestig, het genoemde eerwaarde Calvyn my weer ontbied saam met die eerwaardes Theodorus Beza, Raymond Chauvet, Michel Cop, Louis Enoch, Nicolaas Coladon en Jacques Desbordes, bedienaars van die Goddelike Woord in hierdie Kerk, benewens die eerwaarde Henri Scrimger, professor in die vrye wetenskappe, almal burgers van Genève. In hulle teenwoordigheid het hy verklaar, dat hy my hierdie testament in bostaande vorm in sy aanwesigheid en ooreenkomstig sy aanwysings, laat opskryf het en my versoek het dit voor te lees om in die teenwoordigheid van hulle met die genoemde getuies, waaraan ek met ŉ duidelike stem uitvoering gegee het, deur alles woord vir woord te lees. Na hierdie voorlesing het hy verklaar dat dit sy uiterste wilsbeskikking is en hy wens dat dit so uitgevoer word.

Ten einde een en ander nog te bekragtig, het hy bogenoemdes versoek om dié dokument saam met my te onderteken. So het dit ook gebeur in bogenoemde jaar, op die bogenoemde dag, te Genève in Kanunnikkestraat, in die huis van die testateur.

Met die oog op die geloofwaardigheid en die bewyskrag het ek hierdie testament in die bostaande vorm opgestel, ten einde dit aan die belanghebbendes te laat toekom, voorsien van ŉ gewone seël van ons hoog geagte Here en owerhede, en ook van my eie handtekening.

*P. Chevelot*

Die bundel briewe van Calvyn, wat indertyd deur W. de Zwart[3] gepubliseer is, gee ŉ nadere toeligting op die testament. Ons laat dit hierop volg:

Chevelot was sedert 1563 burgemeester van Genève.

Eers op 25 Desember 1559 word Calvyn ŉ burger van Genève.

Guillaume de Trie, Sieur de Varennes, was ʼn goeie vriend van Calvyn. Hy het in 1549 in die stad aangekom en sterf in 1561, op 37-jarige leeftyd.

Die fonds vir arm vreemdelinge was gestig uit ʼn erflating van Busanton en daarna vergroot met ander erflatings en gawes.

Ook Calvyn het jaarliks ʼn sekere bedrag bygedra.

Marie, die halfsuster van Calvyn, het reeds in 1536 uit Anjou in Switserland aangekom. Sy was getroud met Charles Costan, oor wie niks bekend is nie.

Antonie Calvyn was twee maal getroud. Sy eerste vrou was Anna Lefert. Uit dié huwelik is vier kinders gebore, te wete : Samuël, David, Anna en Suzanna.

Sy tweede vrou was Antoinette Commelin. Uit dié huwelik is eweneens vier kinders gebore, naamlik: Jan, Dorothea, Judith en Marie. Beide laaste kinders is gebore na Calvyn se dood.

David en Samuël is later deur hul vader weens hul ongehoorsaamheid onterf.

Op 8 Julie 1564 het die stad Calvyn se boeke gekoop. Die hele nalatenskap van Calvyn sou ongeveer vyf duisend (vooroorlogse) guldens bedra het.

## 19. Die laaste brief van Calvyn

Aan Willem Farel te Neuchatel.

Vaarwel! beste, baie voortreflike broeder. As God wil dat jy my oorleef, hou dan ons innige vriendskap voor oë, wat soos dit vir God se Kerk voordeel opgelewer het, ook vir ons in die hemel vrug sal oplewer.

Moenie oor my besorg wees nie.

Ek kan nog skaars asemhaal, en wag voortdurend daarop dat dit sal ophou. Dit is genoeg dat ek Christus leef en sterf, Hy wat in lewe en dood wins vir Sy kinders is.

Nogmaals; vaarwel!

Groet ook die broeders!

Geheel die Uwe

Calvyn.

Genève, 2 Mei 1564.

Calvyn het hierdie brief geskryf om te voorkom dat die oue Farel nog die moeite sou doen om na Genève te reis. Farel het nogtans na Genève toe gekom en het Calvyn nog gesien. Calvyn is oorlede op 27 Mei 1564.

## 20. Die mens Calvyn

Wanneer ons Calvyn as mens wil leer ken, kan ons dit die beste doen deur sy briewe te lees. Daarin druk hy hom uit soos hy werklik is. Briewe is privaat, aangesien dit deurgaans nie gepubliseer word nie. Wie die briewe van Calvyn lees, merk op dat hy nie die strenge dogmatikus was, wat sonder emosie vasgehou het aan die eenmaal uitgestippelde lyne nie. So was hy nie werklik nie.

Calvyn was ʼn gevoelige mens, maar hy het die gawe besit om die mense, met wie hy in aanraking gekom het, op die regte manier te takseer. En dan kon hy tersaaklike opmerkings maak, wat die betrokkene nie altyd van gehou het nie.

Laat ons as voorbeeld sy posisie teenoor Luther neem. By alle waardering wat hy vir Luther gehad het, kon hy tog soms lelik teenoor hom uitvaar, wanneer daartoe aanleiding was. Maar nooit het hy vergeet dat by alle verskil van mening, hulle saam gestry het vir dieselfde saak en teen dieselfde weerstande nie.

Aanhalings uit sy briewe bewys dit duidelik.

In 1536 is daar 'n samewerkingsooreenkoms gesluit, wat ten doel gehad het om 'n eensgesindheid tot stand te bring tussen die Lutherse en die Gereformeerdes. Melanchton was dit met hierdie poging eens. Luther aanvanklik ook, maar het hom later daarteen uitgespreek, veral oor die verskillende opvattings oor die viering van die Heilige Nagmaal.

En dan noem Calvyn in 'n brief aan Bucer Luther se leer van die alomteenwoordigheid van die liggaam van Christus 'n versinsel. En half kwaad, laat hy daarop volg: "Luther is nie iemand aan wie 'n mens in God se Kerk, hom veel moet steur nie". Enigsins versagtend volg daar dan: "Wat ek van Luther moet dink, weet ek nie, alhoewel ek van sy opregte vroomheid oortuig is. Ek wens dit was nie waar wat die meeste mense, wat hom vir die res geen onreg wil aandoen nie, beweer dat sy standvastigheid met 'n sekere koppigheid vermeng is nie. Dit is sieklike eersug wat Luther die stryd laat voer het vir die oorwinning van sy opvatting oor die Nagmaal." En dan verder: "Sy gebreke bestaan nie alleen in hooghartige kwaadsprekery nie, maar ook in onwetendheid en sinsbedrog."

Dit is taamlik skerp gestel, maar 'n mens moet goed onthou dat dit hier gaan oor Luther se opvatting, dat die brood van die Heilige Nagmaal verander in die liggaam van Christus self. Dit was 'n opvatting waarmee Calvyn hom, op grond van die Skrif, absoluut nie kon vereenselwig nie, wat hy dan ook sonder terughouding "'n afskuwelike dwaling" noem. Luther en Calvyn het die waarheid van die Evangelie herontdek en moes dit verdedig, nie alleen teen die Roomse nie, maar ook teen die Wederdopers en allerlei ander dwaalgeeste. Dit het Calvyn geïrriteer toe hy bemerk het dat Luther daarby in sy pad staan. En weereens: hy het soms harde woorde gespreek, maar slegs in vertroulike briewe aan geesverwante.

Hy beëindig 'n brief aan Melanchton met: "Groet asseblief meneer Maarten eerbiedig namens my."

Om by Luther te bly: hy kon soms veel onstuimiger en growwer te keer gaan as Calvyn. Moenie vergeet dat beide kinders van hul tyd was nie.

Calvyn skryf in 'n brief aan Bullinger, die Switserse predikant: "Ek hoor dat Luther nie alleen teen u nie, maar ook teen ons almal met 'n vreeslike geskel uitgevaar het. Ek weet nie of Luther deur een of ander geskrif van u geprikkel is nie. 'n Karakter soos syne, wat nie alleen prikkelbaar maar ook bitter is, raak vir die geringste rede opvlieënd. Nou durf ek byna nie te vra of u daaroor wil swyg nie. Ek sou graag wou hê dat u bedink watter groot man Luther is en deur watter besondere geestesgawes hy uitstaan, hoe dapper en standvastig en met watter bekwaamheid en groot kennis hy tot nou toe kragtig gewerk het om die ryk van die antichris ten gronde te laat gaan en die leer van die saligheid te versprei. Dikwels sê ek: selfs al noem Luther my 'n duiwel, dan nog sal ek hom eer deur hom te erken as dienskneg van God. Hy het wel baie gebreke, maar blink ook uit deur voortreflike deugde.

Ek sou wou dat jy dit meer voor oë hou en bedink, en minder let op dit wat Luther met sy heftigheid aanrig.

Ook wanneer Luther ons geprikkel het, moet ons tog liewer van die stryd afsien, as om die skande tot nadeel vir die Kerk groter te maak."

Dit is die taal waaruit ons bemerk dat Calvyn nie die strenge, koue en onaandoenlike man was, waarvoor hy dikwels - selfs deur geesgenote - gehou is nie.

En as dit by ruheid en grofheid kom, dan het Luther vir Calvyn oortref.

Niemand moet egter dink dat Calvyn 'n beter Christen as Luther was nie. Met so 'n gedagte sou Calvyn allermins saamstem.

Dit blyk duidelik uit sy testament, waarin hy oor sy gebreke en sonde skryf.

En dan moet mens ook in gedagte hou dat Calvyn sy lewe lank in 'n glashuis gewoon het en fyn dopgehou is deur vriend en vyand. Letterlik niks van hom het verborge gebly nie en daardeur is hy dikwels verkeerd beoordeel.

Hy word 'n koue, hardvogtige man genoem, harteloos, sonder liefde, altyd skerp en onverdraagsaam vanweë sy streng gebondenheid aan God se Woord.

Miskien was dit wel so, maar slegs wanneer die eer van God in gedrang was en as die waarheid aangetas word. Dan was daar niemand wat so skerp en so beslis gestry het as Calvyn nie.

Maar wanneer hierdie dinge nie in gedrang was nie, was Calvyn 'n vriendelike man.

Baie het hom hartlik liefgehad en hy kon dan ook eerlik oor die omgang met sy kollegas skryf: *"Ek weier om te glo dat daar ooit 'n vriendekring bestaan het, waarin 'n mens met soveel vriendskap en innige gemeenskap verkeer het, as wat ons in en om ons amp mog vorm. Ek onthou nie geringste onaangenaamheid wat ooit onder ons sou gewees het nie. Ons was as 't ware een persoon."*

Terwyl hy in Worms op 'n kerkvergadering teenwoordig was, skryf 'n kollega uit Straatsburg aan hom oor 'n broeder wat erg hulpbehoewend geword het. Calvyn het onmiddellik teruggeskryf en in die brief gesê: *"O, laat tog niks onaangeraak om iets vir hom te doen nie, want hoe ellendiger en behoeftiger iemand is, des te inniger en des te yweriger moet ons liefde en trou aan hom bewys."*

En by 'n ander geleentheid skryf hy: *"In die skool van Christus leer ons inderdaad niks van die koue wysheid, wat ons gebied om alle menslike gevoel te onderdruk en ons hart in 'n klip te verander nie."*

In die jare wat hy getroud was, het hy meestal 'n aantal studente by hom aan huis gehad, en dan was 'n gepaste vrolikheid beslis nie uitgesluit nie.

Daar is talryke dergelike voorbeelde om te noem. Ons noem nog een.

Melanchton was 'n troue vriend van Luther. Maar nadat hy Calvyn persoonlik leer ken het, was sy liefde tot hom veel inniger. Dit blyk duidelik uit die korrespondensie wat hulle met mekaar gevoer het.

Calvyn het eenkeer aan Melanchton geskryf: *"Hoeveel honderdmaal het ek gesê, as jy moeg van die arbeid en deur sorge bedruk is, moet jy jou hoof op my bors laat rus: O, dat ek aan hierdie hart mag sterwe!"*

Toe sy blinde ampsgenoot Corand gesterf het skryf hy aan Farel: *"Oor die dood van Corand is ek so verslae, dat ek my droefheid nie kan verberg nie. Bedags kan ek my gees by niks bepaal nie. By hierdie droewige kwellinge bedags kom die nog bitterder martelinge in die nag. Nie alleen dat enkele slapelose ure my kwel nie, daaraan is ek al so gewoond dat ek daarvoor al ongevoelig is, maar die feit dat ek hele nagte wakend deurbring, put my heeltemal uit. Niks is dan ook skadeliker vir my gesondheid nie."*

Nadat Calvyn in Augustus 1540 met Idelette de Bure getroud is, skryf hy weer aan Farel:

> *"Ek antwoord u so laat, omdat ek toe u brief gekom het so swak was dat ek nouliks 'n vinger kon verroer.*

Die Here het ons geluk getemper sodat ons huwelik nie al te vrolik sou begin nie - dat dit die maat nie sal oorskry nie. Die 3de September het ek 'n swaar hoofpyn gehad, 'n kwaal waaraan ek reeds so gewoond was dat dit my nie te veel verontrus nie. Toe ek die Sondag daarop, in die namiddagdiens, ietwat opgewonde was, merk ek dat die sweet my uitslaan. Voordat ek gegaan het, word ek gepak deur 'n neusverkoue, wat my sonder ophou tot Dinsdag gekwel het. Toe ek dié dag volgens gewoonte gepreek het, het ek groot moeite gehad om te praat, omdat my neus deur die verkoue verstop en my keel deur heesheid as 't ware toegeknyp was. Skielik voel ek 'n rilling deur my ledemate gaan. Die verkoue het opgehou, maar ontydig, want my kop is nog steeds vol

slegte vog. Op Maandag het daar bowendien iets gebeur, wat my driftig gemaak het. Dit betref Damoiselle (Mev. Duvergier, wat met haar seun by Calvyn ingewoon het, en daarvoor soveel betaal het dat dit Calvyn se huishouding aan die gang kon hou. Sy was 'n adellike Franse dame), wat dikwels 'n bietjie te vrymoedig in haar uitdrukkings was. Sy het my broer beledig en hy neem daar geen genoeë mee nie. Hy word egter nie kwaad nie, maar verlaat stil my huis, terwyl hy sweer dat hy nie weer in my huis sal inkom solank sy by my bly nie. Toe sy sien dat my broer se weggaan my erg bedroef gemaak het, vertrek sy ook. Haar seun het by my gebly. Wanneer ek egter deur drif of hewige angs baie opgewonde is, het ek die gewoonte om by die ete gulsiger te wees as wat betaamlik is. Dit het toe ook gebeur. Aangesien ek tydens die maaltyd my maag met te veel en nie-geskikte voedsel oorlaai het, is ek die volgende oggend erg gekwel deur 'n bedorwe maag..."

Hy het ook hoofpyn en koors gekry, en die dag daarna was hy werklik siek.

Dit is 'n kykie op die huislike lewe van Calvyn, waaruit blyk dat ook by hom, net soos in elke ander gesin, ook storms kon opsteek.

Dit is 'n bewys dat Calvyn 'n gewone mens was, by wie niks mensliks vreemd was nie.

Hy was baie beslis nie die hardvogtige, koue verstandsmens waarvoor vele hom altyd gehou het nie.

---

[1] Sien die studie van Ds C van Proosdij, Leiden, 1900 oor hierdie onbekende Franse Hervormer.

[2] Ontleen aan E Doumerque: *De Gereformeerde vroomheid volgens Calvijn*, in nederlands vertaal deur Mej JC Rutgers, Kok Kampen, 1908

[3] *Calvijn in het licht zijner brieven*, deur W. de Zwart, bls 208